

Ds A J van Staden

DS AJ VAN STADEN

Laat ons bid

PRETORIA

LAAT ONS BID
© Kital, Posbus 460, Pretoria 0001
Eerste uitgawe, eerste druk 1982
ISBN 0 7986 0884 6
Omslagkunswerk deur Annette Stork
Geset en gedruk deur NHW-Pers, Pretoria

Inhoudsopgawe

Voorwoord vii

Die noodsaaklikheid van die gebed 1

Wat is bid? 5

Waarom bid party mense nie meer nie? 10

Die regte gebedsgesindheid 15

Die liggaamshouding van die bidder 21

Bid in die Naam van Christus 26

Aanbid deur die Gees en in waarheid 31

Die inhoud van die gebed 36

Gebedsgenesing 41

Die persoonlike, gemeenskaplike en formuliergebed 47

Hoor God ons gebede? 51

Gebedsverhoring 55

Die onverhoorde gebed 60

Amen 64

Bronnelys 68

Voorwoord

Wanneer ons bekende leerboek en belydenisskrif, die *Heidelbergse Kategismus*, die Bybel se leer oor die weg na die ewige heerlikheid weergee, dan stip dit drie noodsaaklike sake aan, naamlik:

- dat ons sal weet dat ons wesenlik sondig en stofwaardig voor God is;
- dat ons sal glo dat ons deur genade alleen, alleen op grond van die soenverdienste van Jesus Christus verlos kan word; én
- dat ons God met ons gedagtes, woorde en dade sal dank vir sy genadige verlossing in en deur Jesus Christus.

Wanneer die *Kategismus* nou oor hierdie lewe van dankbaarheid praat, dan sê dit:

- "dat die gebed die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis..." Verder: "dat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom uit die hart met smeekbedes sonder ophou daarom bid en daarvoor dank" (Antwoord 116). Die hele laaste gedeelte van die *Kategismus* (Vrae en Antwoorde 116–129) word dan ook aan die uitleg van verskillende aspekte van die gebed (veral aan die inhoud van die *Onse Vader*) gewy.

Waarom ag die *Kategismus* die gebed só hoog en belangrik? Die antwoord is omdat God self in sy Woord soveel hoë waarde aan die gebed toeken.

Ds Van Staden het juis met die doel om leiding aan die gebedslewe van ons gemeentelede te gee, hierdie werkie oor hierdie allerbelangrikste aspek van ons geloofslewe geskryf.

Die taal en styl is eenvoudig en helder. Hy behandel belangrike vrae soos die noodsaaklikheid van die gebed; die aard en wese van die gebed; die vorm en inhoud van die gebed en gebedsverhoring en nog veel meer.

Graag beveel ek hierdie werkie aan met die hoop dat dit veel sal beteken in die vormgewing van ons geloofslewe.

Prof dr BJ Engelbrecht

Die noodsaaklikheid van die gebed

Die woorde "laat ons bid" is by die kerklike publiek bekende woorde. Ons hoor hierdie woorde elke Sondag in die kerk en ook op elke plek waar die gelowiges vergader en tot aanbidding opgeroep word.

Die vraag kom by ons op: Waarom bid ons? Waarom het ons ouers ons geleer om te bid? Waarom beklemtoon die kerk die noodsaaklikheid van die gebed so baie? Waarom roep die Bybel ons op so baie plekke op om te bid sonder om op te hou of moedeloos te word?

Op al hierdie vrae is daar eintlik maar net één antwoord, naamlik: Omdat die gebed vir die gelowige so noodsaaklik is. Die gebed is al die asemhaling van die siel genoem. Net soos die asemhaling noodsaaklik is vir die lewe van die liggaam, net so is die gebed noodsaaklik vir die groei van die geloofslewe. 'n Mens wat nie meer bid nie, is besig om sy geloof te vermoor. Ons kan dus sê dat 'n mens wat nie meer bid nie, geen Christen meer is nie. Nie bid nie – dit is die eintlike sonde, want dit is ongehoorsaamheid aan God net soos wat Adam en Eva aan God ongehoorsaam was. Die mens wat nie meer bid nie, moet ook weet dat hierdie sonde nie ongestraf sal bly nie.

Die gebed is noodsaaklik. Die Bybel beklemtoon dit op baie plekke. Ons noem net 'n paar van die uitsprake.

- Psalm 122:6: "Bid dat Jerusalem vrede mag hê,
  dat hulle wat hom liefhet, rustig mag woon."
- Lukas 22:40: "Bid dat julle nie in versoeking kom nie."
- Johannes 16:24: "Bid, en julle sal ontvang..."
- 1 Tessalonisense 5:17: "Bid gedurig."
- Jakobus 5:16: "... bid vir mekaar..."

Die woordjie bid staan elke keer in die bevelvorm. Dit beteken dat hier nie iets van ons gevra word nie, maar dat 'n bevel aan ons gegee word. Dit is dus 'n bevel van die Here, 'n opdrag wat ons nie mag ignoreer nie.

Die noodsaaklikheid van die gebed kom ook duidelik uit as ons kyk na die voorbeeld wat Jesus gestel het. Jesus was 'n gereelde bidder. 'n Paar uitsprake van die Bybel sal dit bevestig.

- Markus 6:41: Hier word vertel van die vermeerdering van die brode en dan lees ons in vers 41: "Toe het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seën gevra."

- Lukas 6:12: Hier word vertel van die verkiesing van die twaalf apostels. In vers 12 lees ons: "In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God."
- Lukas 3:21: Hier word vertel van die doop van Jesus en dan staan daar in vers 21: "Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal."
- Johannes 11:41: Voordat Hy Lasarus uit die dood opgewek het, het Hy eers gebid.
- Johannes 17: Toe Jesus gereedgemaak het om die kruisweg te betree, het Hy sy oë na die hemel opgeslaan en die pragtige gebed wat ons die hoëpriesterlike gebed noem, gebid.
- Lukas 22:17: Toe Hy die nagmaal ingestel het, het Hy eers 'n dankgebed gedoen.
- Lukas 22:41: Toe Jesus in Getsemane was, het Hy gebid: "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!"
- Lukas 23:46: Met 'n gebed op die lippe het Jesus van die lewe op die aarde afskeid geneem.
- 1 Johannes 2:1: Hier word gesê dat Jesus vandag ons voorspraak by die Vader is.
- Jesus het aan sy gemeente die pragtige *Onse Vader* nagelaat.

Ons kan dus sê dat Jesus gedurende sy lewe op aarde 'n biddende Heiland was; dat Hy die gebed 'n noodsaaklikheid gevind het en dat sy lewe 'n lewe van gebed was. Verbaas dit u dan dat ons ouers wat troue volgelinge van Jesus was, ons geleer het om Jesus ook in hierdie opsig getrou na te volg? Verbaas dit u dat die kerk wat die eiendomsvolk van die Here is, die noodsaaklikheid van die gebed beklemtoon, en verbaas dit u dat Jesus sy volgelinge oproep om te bid, sonder om op te hou of moedeloos te word?

Daar is verskillende redes waarom die kerk ons oproep om gereeld te bid.

- Dit is 'n bevel van die Here (Ps 50:15; Matt 7:7; Filip 4:6).
- Dit is noodsaaklik vir die groei van die geloofslewe. Calvyn het gesê

dat die gebed die oefening van die geloof is. Wie sê dat hy in God glo, maar nie bid nie, moet homself ernstig afvra of hy werklik in God glo.

- Dit is noodsaaklik omdat God sy weldade aan die biddende hart gee (Matt 7:7). Die biddende hart is oop en gereed om die weldade van God te ontvang. God gee sy weldade aan die mens wat daarom bid en daarvoor dank. Iemand het vertel dat daar in sy huis 'n klein kamertjie was, en elke keer as hy moedeloos of terneergedruk voel, het hy in die kamertjie ingegaan en as hy daar uitkom voel hy 'n ander mens. Ons weet dat hy daar gaan bid het.
- Dit is noodsaaklik omdat dit die beste uitdrukking van ons dankbaarheid is. As vrygekooptes, verlos uit die sondemag en -diens, voel die gelowige hom gedurig gedronge om God te loof en te dank (vergelyk Hand 2:47; 16:25; ensovoorts). Veral in die briewe van Paulus is danksegging sterk op die voorgrond. By die aanvang van byna elke brief is daar 'n plegtige uitdrukking van dankbaarheid jeens God en dikwels word die betoog van 'n brief onderbreek met spontane uitroepe van lof en dank. Nou is dit vir die geestelike toestand van die gemeente, dan vir genadegawes soos verlossing (Rom 7:25), oorwinning, vertroosting (2 Kor 1:3), geestelike seëninge (Ef 1:3), die liefde van God in Christus (Rom 8:35 verv), die daelikse brood (1 Kor 10:30). Geen wonder dat hy sy lesers gedurig aanspoor tot danksegging (Ef 5:20; Filip 4:6; Kol 2:7; 3:17; 4:2; 1 Tess 5:18; 4:3; 4:4; 1 Tim 2:1).

Nou is dit so dat die duiwel en sy handlangers elke dag besig is om die mense te laat glo dat die gebed nie noodsaaklik is nie. In hierdie stryd maak die duiwel en sy handlangers vandag nog, net soos op die berg van versoeking (Matt 4:1–11) dikwels gebruik van Bybelse argumente. Hulle sê dat die Bybel leer dat God alwetend is; en dit is waar. Daarom kan die bidder vir God niks vertel wat God nie weet nie. As God dan weet van jou nood en ellende, jou vreugde en dankbaarheid, waarom wil jy dit nog aan Hom gaan vertel? Dan konkludeer hulle dat dié gebed onnodig is.

Hulle gebruik ook die stelling dat God onveranderlik is. Die onveranderlikheid van God wil dan sê, dat die mens met sy mooi en roerende gebed God nie van besluit kan laat verander nie. As God besluit het om sekere dinge aan jou te gee, sal Hy dit gee, al bid jy nooit. As God besluit het om sekere dinge nie aan jou te gee nie, sal Hy dit nie

gee nie, al bid jy ook hoe baie. Dan besluit hulle dat die gebed geen sin het nie.

Ons moet ons nie deur sulke argumente laat mislei nie.

Die gebed is vir die gelowige absoluut noodsaaklik. Dit is 'n bevel van God. Dit is 'n opdrag van God wat ons nie kan ignoreer nie. As ons nie bid nie of net so nou en dan bid, dan is ons ongehoorsaam aan God; ons maak ons skuldig aan pligversuim; ons is eenvoudig te lui om te bid. Die ongehoorsame mens moet weet dat sy ongehoorsaamheid nie ongestraf sal bly nie, en dié een wat te lui is om te bid, moet weet dat daar niks is wat leliker is as luiheid nie.

Daar is ook mense wat sê dat hulle werklik in God glo en dat hulle graag wil bid, maar nie kan bid nie. Aan hulle wil ons sê dat God nie 'n lang gebed of net "mooi" gebede van ons vra nie. Die Here waarsku juis teen die lang gebede (Matt 6:5–9; Luk 18:9–14). Die gebed wat vir die Here aangenaam is, bestaan dikwels net uit een sinnetjie. So het die sondaar (Luk 18:13) net gevra: "O God, wees my, sondaar, genadig." Dan lees ons in vers 14 dat hy na sy huis toe gegaan het as iemand wie se saak met God reg is, terwyl die Fariseër wat ook gebid het, se saak met God nie reg was nie. Ons dink ook aan die moordenaar op Golgota. Hy het net gebid: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom" (Luk 23:42). Sy gebed is verhoor. In vers 43 kry hy die versekering: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." As Jesus ons leer hoe ons moet bid, gee Hy nie 'n lang gebed nie, maar die *Onse Vader.*

Aan die mens wat sê dat hy werklik in God glo, graag wil bid, maar nie kan nie, wil ons sê: As jy graag wil bid, maar nie kan nie, begin dan om te dank. Dank die Here vir al die genade en mooi dinge wat Hy aan jou gegee het. Dank Hom vir die blomme in die tuin, die gras en bome van die veld, die berge en die see. Dank Hom vir mense met wie jy mag saam lewe en werk; vir 'n kerk waarvan jy 'n lidmaat mag wees; vir Christus wat al jou sondes vir sy rekening geneem het en sy geregtigheid en heiligheid vir jou toereken en skenk; vir 'n hemel waar jy saam met al die verlostes die ewigheid mag deurbring. Wanneer 'n mens begin om te dank, gaan die geslote hart vanself oop; die geboeide tong gaan los, die swygende lippe begin om te fluister en al dankende sink die bidder in aanbidding voor God neer en hoor hy die trooswoord uit God se mond: "Vriend, wees gerus; jou sondes word vergewe" (Matt 9:2).

Laat ons aanhou bid, sonder om moedeloos te word.

Wat is bid?

In die vorige hoofstuk het ons gesê dat die gebed noodsaaklik is vir die groei van die geloofslewe. Die gebed word ook die asemhaling van die siel genoem. Net so noodsaaklik as wat die asemhaling vir die lewe van die liggaam is, net so noodsaaklik is die gebed vir die groei van die geloofslewe.

Ons het ook gesien dat Jesus ons nie net beveel het om te bid nie, maar self die voorbeeld gestel het. Die mens wat 'n volgeling van Jesus wil wees, moet Hom ook in hierdie opsig getrou navolg. Die mens wat nie meer bid nie, moet homself ernstig afvra of hy nog in God glo. 'n Mens wat nie meer bid nie, is geen Christen meer nie.

Die vraag wat nou na vore kom is: Wat is bid? Wat is die wese van die gebed?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons eers vasstel wat die gebed nié is nie. Ons moet eers vasstel watter gebed vir die Here nie aangenaam is nie en dus nie verhoor word nie.

- Die gebed waarin daar net dinge vir die Here gevra word, is geen gebed nie. Daar is mense wat dink dat die gebed net bedoel is om ons wense en begeertes voor die Here te bring. Die meeste sinne van so 'n gebed begin dan ook met woorde soos: "Gee vir ons" of "skenk aan ons" en dan word ook nog dit en dat gevra.

  Wie so bid, bid nie. Dit mag lyk of hy bid, maar hy bid nie, want hy is selfsugtig. Hý wil die gebed net gebruik om sy wense en begeertes voor God te bring en hy wil God net gebruik om sy wense en begeertes te vervul. By hóm gaan dit net om homself. Hý staan in die middelpunt. Hý is 'n egoïs en egoïsme is gewoonlik voor God 'n gruwel. Hy maak ook geen kontak met God nie. Hy loop as 't ware kringe om sy probleme en moeilikhede, maar raak nooit daarvan ontslae nie.

  In die gebed mag dit nooit in die eerste plek om onsself gaan nie, maar dit moet gaan om God en sy ryk. In die gebed mag óns nie in die middelpunt staan nie, maar God moet in die middelpunt staan. In die gebed mag dit nooit in die eerste plek om ons persoonlike geluk gaan nie, maar altyd om die eer van God.

- Ons het 'n spreekwoord wat sê: Nood leer bid. In sommige gevalle mag dit waar wees, maar in ander gevalle is dit nie waar nie. Ons wil beweer dat dit in die meeste gevalle nie waar is nie omdat nood nie

leer bid nie, maar leer bedel. Natuurlik, want die meeste mense wat in nood is, soek gewoonlik nie in die eerste plek die eer van God nie – hulle soek hulp, bystand en uitredding. By hulle gaan dit nie in die eerste plek om God nie, maar om wat God aan hulle kan gee. So 'n gebed is geen gebed nie.

- 'n Gebed sonder konsentrasie is geen gebed nie. 'n Mens wat nie konsentreer as hy bid nie, se gedagtes vlieg heen en weer rond soos 'n voël. Dit beteken dat die snare van sy siel nie gespanne is wanneer hy bid nie; hy soek nie werklik die aangesig van God nie; hy lê hom nie sonder enige voorbehoud in die hande van die Here neer nie; sy gebed kom nie uit sy hart nie. Die mens wat sonder konsentrasie bid, se gebed is lippetaal; dit is 'n ydele herhaling van woorde; dit kom nie uit sy hart nie. So 'n gebed is vir die Here nie aangenaam nie en word ook nie verhoor nie.

Maar wat is bid dan? Wat is die wese van die gebed dan?

- Die gebed is die naby-mekaar-wees van die verborge God en die mens wat waarlik sy aangesig soek. Bid is om by God te wees; om met God te praat; om na God te luister; om met God te verkeer. Nou moet die bidder egter goed besef dat hierdie praat en verkeer met God, nie in familiariteit mag ontaard nie. Die bidder moet goed besef dat God nie sy maat is nie. Die afstand tussen die bidder en God moet bewaar word. Die bidder moet besef dat hy die klein mensie is en God die grote God; dat hy die sondaar is en God die heilige God. Daarom is hierdie gesprek altyd 'n besondere gesprek; dit is 'n heilige gesprek.

- Bid is om jou doelbewus onder die onmiddellike en kragtige invloed van die Heilige Gees te stel. Die ware bidder plaas homself onder die tug van die Heilige Gees en hy luister aandagtig na alles wat die Here vir hom sê. As die bidder hierdie dinge nie doen nie, ontaard sy goedbedoelde gebed dikwels in 'n gepraat en gevra in die ruimte. Sy gebed ontaard dan in die ronddwaal van sy gedagtes in die tuin van sy eie verlangens en begeertes.

- Waarlik bid is nie om 'n vraelysie aan God voor te lê nie, maar dit is om God se gemeenskap op te soek.

- Waarlik bid is om jouself sonder enige voorbehoud in die hande van die Here neer te lê.

- Waarlik bid is die beste geloofsbelydenis wat daar is. Ons kan dit alles goed saamvat in die één sin: Bid is nie in die eerste plek om vir die Here te gaan sê wat jou behoeftes en begeertes is nie, maar om aan God die geleentheid te gee om vir jou te sê wat sy begeertes is.

'n Mens wat wil weet wat waarlik bid is, moet Matteus 26:36–46 aandagtig lees. Daar vind ons vir Jesus in Getsemane. Ons sien Hom op sy knieë; ons hoor Hom bid. "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." Hier vrá Jesus. Hier spreek Jesus sy diepe hartsbegeerte uit. Hy vra om uit daardie ontsettende nag van lyding en dood verlos te word. Maar, let daarop dat dit nie sy grootste begeerte is nie, maar om die Vader se wil te doen. Sy grootste begeerte is dat die Vader se wil moet geskied.

Dit is waarlik bid. Wanneer ons waarlik bid, moet óns wil uitgaan om God se wil te gaan soek. Dan moet óns wil by God se wil ingeskakel word. Soms loop God se wil en ons wil in dieselfde rigting en dan is dit heerlik. Dit is egter nie altyd so nie. Soms kruis God se wil ons wil ... en dan, dan moet God se wil nog die belangrikste wees. Dan moet God se wil nog geskied.

AH Straatsma vertel dat daar eenkeer 'n dogtertjie in sy gemeente was wat lank siek was. Hy het haar dikwels besoek en dit het gebeur dat sy soms 'n ernstige terugval gehad het. Na een so 'n terugval, het hy haar weer gaan besoek en aan haar gevra of sy nog die moed het om te bid. Sy het toe 'n gediggie opgesê waarin die volgende reëls voorkom:

> "Wanneer ik iets van harte wacht,
> dat Gij, o Heer, niet nodig acht,
> Verhoor, o Heer, mijn beê dan niet,
> 't' is beter dat Uw wil geschied."

Dit is waarlik bid. Hier begeer 'n mens teen haar eie begeerte in. Nie my wil nie, maar U wil moet geskied. By die mens wat waarlik bid, is die waaragtige verlange dat God sal doen wat Hy wil, dat sy wil onder alle omstandighede sal geskied.

Wat moet daar by die bidder wees as sy gebed waarlik gebed wil wees?

- Die bidder moet God ken. Hy moet nie net weet dat God daar is nie, maar ook dat God die lewende God is; dat God die Een is wat kan hoor, praat, sien en iets aan hom kan gee. Hy moet weet dat God die

skatryke Vader is wat alles besit wat sy kinders onder alle lewensomstandighede – in lewe en in sterwe – nodig het; dat God die almagtige God is wat die krag besit om die deure van sy volgepakte skatkamers oor sy kinders oop te trek. Hy moet weet dat God die liefdevolle Vader is wat die wil het om alles aan sy kinders te gee wat na sy mening vir hulle goed is. 'n Mens kan nie werklik tot 'n onbekende God bid nie.

- By die bidder moet daar ook ware ootmoed wees. Dit beteken dat die bidder sy sondes grondig moet ken. Hy moet die ware karakter van die sonde ken. Hy moet weet dat sy sonde nie maar net 'n ongelukkige foutjie is wat hy gemaak het of die gevolg van 'n swak opvoeding wat hy ontvang het nie. Nee, hy moet weet dat die sonde, ook sý sonde, die gevolg is van opstand, verset en rebellie teen God. Hy moet weet dat hy met sy sonde God se Vaderhart beledig het; die hoogste hemelse reg geskend het en die liefde van God vertrap het. Nou moet hy hierdie sondes eerlik en opreg gaan bely. Hy moet dus doen soos die verlore seun gedoen het. Hy het by sy aankoms by sy vader nie probeer om homself te regverdig nie, maar hy het uitgeroep: "Pa, ek het teen God en teen pa gesondig. Ek is nie meer werd om pa se seun genoem te word nie." Dit is die kenmerke van al die ware gebede waarvan ons in die Bybel lees. (Vergelyk Esra 9:6; Jes 6:2–5; Luk 15:18, 19).

- Die bidder moet eerbied vir God hê. Dit beteken dat hy groot respek en ontsag vir die Here moet hê.

- Die bidder moet waarlik in God glo. Sonder geloof is daar geen ware gebed nie. Waarlik bid is alleen moontlik vir dié mens wat waarlik in die Here glo. Dit beteken dat alleen daardie mens wat die Here waarlik vertrou; Hom waarlik op sy woord neem, homself onvoorwaardelik in die hande van die Here neerlê, werklik bid. Treffend is die volgende gedagte. Die geloof leef van die gebed, ja, glo is eintlik niks anders nie as bid. In dieselfde oomblik, waarop ons werklik glo, bid ons ook al en as ons ophou om te bid, hou die geloof ook op.

- Die mens wat bid moet ook glo in die verhoring van sy gebed. Hebreërs 11:6: "Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon."

  Jakobus 1:6: "... hy moet gelowig bid en nie twyfel nie."

  Johannes 15:7: "As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry."

Wat is die krag van die ware gebed?

Ek weet dat daar van die ware gebed krag op die bidder uitgaan. Wie nie weet dat die gebed nuwe, innerlike versterking beteken nie, weet nie wat dit is om te bid nie. Hy het nog nooit gebid nie. Die mens wat waarlik bid word in die ruimte ingelei; die ruimte van die vryheid van die kinders van God. Hy word in die paradys ingelei waar die blomme blom en die voëls sing en waar God in die sagte stilte wandel. Elke waaragtige gebed maak die droewige hart bly; die treurende vrolik, die arme ryk, die moedelose sterk, die sieke gesond, die blinde siende, dit maak die koue siel warm, dit bring die grote God in die klein hartjie in en dit dryf die hongerige siel tot in die volgepakte skure van God.

Ons moet die krag van die ware gebed nie oorskat nie. Dit beteken dat ons nie moet dink dat ons God met ons gebed kan dwing om dinge te doen nie. Ons moet die krag van die gebed ook nie onderskat nie. In Jakobus 5:15 lees ons: "En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak," en in vers 16: "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Luther het gesê: Ek reken my gebed is sterker as die duiwel self, en as dit nie so was nie, dan sou dit lankal anders met my gesteld wees. Wanneer ek die gebed eén dag nalaat, verloor ek 'n groot stuk van die vuur van die geloof.

Waarom bid party mense nie meer nie?

Laat ons die volgende opmerkings maak:

- Daar word vandag heeltemal te veel gebid. Hiermee bedoel ons nie dat die mense minder moet bid of dat die gebed by baie geleenthede uitgeskakel moet word nie. Ons bedoel dat daar vandag te veel mense is wat die indruk wil skep dat hulle bid, maar in werklikheid nie bid nie. Daar is baie wat die oë sluit, die hande vou, op die knieë staan en praat. Hulle gebed is geen gebed nie, maar 'n ydele herhaling van woorde. Daardie gebed is gedagteloos, 'n gepraat en gevra in die ruimte. Hierdie mense besef nie dat die gebed 'n baie ernstige saak is nie.

- Daar word vandag veels te min gebid. Hiermee wil ons sê dat baie mense vandag leef, werk en speel, maar nie tyd vind om te bid nie. Hierdie een sê dat hy te laat by die huis gekom het om te bid; daardie een dat hy vanoggend te laat opgestaan het en die volgende persoon sê dat sy program vandag so vol is dat daar nie tyd is om te bid nie, maar kort daarna het hy genoeg tyd om 'n halfuur-lange gesprek oor die telefoon te voer of met sy buurman oor die heining of by die bushalte te gesels.

Albei hierdie stellings is waar en belangrik en albei het ook baie verteenwoordigers. Onder hulle is daar mense wat vroeër in God geglo het, deur Christelike ouers opgevoed is, lewende en belangstellende lidmate van die kerk was en gereeld gebid het, maar nou nie meer bid nie.

Waarom nie? 'n Mens sou seker baie redes vir hierdie anti-gebedshouding kon kry, waarvan ons net 'n paar belangrikes hier noem.

- Party van die mense wat nie meer bid nie, skuil agter 'n skyn van godsdienstigheid. Hulle is in werklikheid handlangers van die duiwel. In hulle poging om te bewys dat die gebed onnodig is, maak hulle net soos die duiwel op die berg van versoeking (Matt 4:1–11) van Bybelse argumente gebruik. Hulle sê dat die Bybel leer dat God alwetend is en hulle glo dit. As dit waar is – en dit is waar – dan kan 'n mens vir God nie iets vertel wat Hy nie weet nie. Hy weet lank voordat jy bid van jou leed en smart; vreugde en dankbaarheid. En

dan besluit hulle dat die gebed onnodig is. 'n Ander een sê weer dat die Bybel leer dat God onveranderlik is. As dit waar is – en dit is waar – dan kan 'n mens God nie met jou indrukwekkende gebed van besluit laat verander nie. Wat God besluit het om aan jou te gee, sal Hy gee, of jy bid of nie bid nie. Wat God besluit het om nie aan jou te gee nie sal Hy nie gee nie, al bid jy ook hoe baie. 'n Mens wat so redeneer, besluit dan dat die gebed geen sin het nie. Waarom nog bid? Dit is onnodig.

- Die volgende persoon wat nie meer bid nie, is die ligsinnige. 'n Voorbeeld van hierdie groep is daardie mens wat voor ete nie meer die seën van die Here vra nie en na ete nie meer vir die kos dank nie. Hy sê dat hy hard gewerk het vir die kos. Hierdie persoon ontken dus dat God die enigste werklike Besitter is en dat alles wat ons besit, geld en goed, gesondheid en welstand, kos en klere, gawes van God is. Iemand wat lank in 'n interneringskamp was, het gesê dat die kos wat hulle daar gekry het so min en so sleg was, dat as dit gawes van God is, dan is dit so swak dat 'n mens nie daarvoor kan dank nie.

- Die ander persoon sê dat hy nie meer bid nie omdat die Christene dikwels teen mekaar bid. Hy verwys dan na 'n tyd van oorlog wanneer albei die vegtende volke bid dat God hulle wapens moet seën en die oorwinning aan hulle moet gee. Hy vra dan: Watter volk se gebed moet verhoor word? God kan tog nie albei se gebede verhoor nie!

  Die vraag wat hier na vore kom is: Bid die Christene werklik so? Is dit waar dat die ware Christene werklik vra dat God se seën op hulle wapens moet rus en dat God die oorwinning aan hulle moet gee? Nee, die ware Christen bid nie so nie; hy vra dat God se barmhartigheid in alle gebeure oor almal uitgesprei sal wees. Hy vra dat God se wil sal geskied: dat daar vredesgedagtes in die harte van die leiers sal kom; dat die oorlog beëindig moet word; dat alle mense die knieë voor God sal buig en dat almal vreedsaam saam mag lewe. Dit beteken dat as ons 'n vyand het, ons nie sommer blindelings moet uitmoor nie. Vandag word die Voortrekkers deur sommige mense kwalik geneem omdat hulle nie alle Swartmense doodgemaak het nie. Daar word gesê dat as die Voortrekkers dit gedoen het, ons vandag baie minder probleme sou gehad het – so hou hulle die Voortrekkers verantwoordelik vir die probleme wat ons vandag het. Dit sou beslis geen Christelike optrede gewees het nie. Nee, die

Voortrekkers het volgens Romeine 12:20 aan die vyand wat honger was iets gegee om te eet en wat dors was, iets om te drink, "want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte."

- Daar is ook dié wat sê dat hulle nie meer bid nie omdat God, volgens hulle, onbetroubaar is. Hierdie persone verwys graag na 1 Petrus 5:7. Daar lees ons: "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle." Hulle verwys ook na Filippense 4:6 waar staan: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend;" en ook na Matteus 6:25-34 (veral vers 25): "Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie," en na vers 33: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." Watter dinge? Daardie dinge waaroor ons dikwels so bekommerd is: die dinge wat ons moet eet en drink en aantrek en alles wat ons nodig het vir die instandhouding van ons daaglikse lewe.

  Nou sê hierdie man: Ek het God geglo. Ek het God op sy woord geneem. Ek het na die beste van my vermoë my beywer vir sy koninkryk en ek het ook gereeld gebid ... en wat het gebeur? Die oorlog het uitgebreek waarin alles verwoes is; 'n vreeslike droogte (soos in 1933) het gekom waardeur ons alles verloor het; die een ramp na die ander het ons getref ... en wat het God gedoen? Niks! Waarom het Hy die oorlog, droogte en rampe nie gekeer nie? Nee, ek glo nie meer in God nie; ek neem Hom nie meer op sy woord nie; ek bid nie meer nie, want God is onbetroubaar.

- 'n Volgende persoon sê dat hy nie meer bid nie omdat God onregverdig is. So 'n persoon was gedurende die laaste oorlog saam met my op die universiteit. Hy was 'n vurige Afrikaner. Toe die oorlog tussen Duitsland en Engeland uitbreek, het hy hom dadelik aan die kant van Duitsland geskaar. Hy het gesê dat Engeland soveel onreg gepleeg het en soveel leed en trane op die aarde veroorsaak het, dat as God regverdig is, Engeland die oorlog moet verloor. Gedurende die oorlog het hy in die interneringskamp beland. Toe daar vrede gekom het, is hy uit die interneringskamp ontslaan en het hy teruggegaan universiteit toe. Ek het hom daar gaan besoek en met die groet het hy verskriklik begin vloek. Ek het hom berispe en gevra wanneer hy laas in die kerk was en of hy nog bid. Sy antwoord was

dat hy 'n paar maande gelede in die kerk was, maar dat hy net gaan kyk het watter gekke die mense van hulle maak deur die hande te vou, die oë te sluit en te praat. Toe sê hy op 'n driftige wyse dat hy nie meer in God glo nie; dat God onregverdig is en dat hy nie tot so 'n onregverdige God bid nie.

Sy fout was dat hy sekere eise gestel het waaraan God moes voldoen om 'n regverdige God te wees. Toe God nie aan sy eise voldoen nie, sê hy dat God onregverdig is.

- Daar is 'n vader wat nie meer bid nie. Sy seun was opgeroep om grensdiens te gaan doen. Op daardie tydstip was hierdie vader nog 'n gelowige man; hy was 'n belangstellende lidmaat; hy het baie vir sy seun gebid en hy het vas geglo dat God sy seun veilig sou laat terugkom ... en toe kom die berig dat sy seun in 'n skermutseling met die terroriste of in 'n landmyn-ontploffing gesterf het. Nou sê die vader dat hy alles gedoen het wat God hom beveel het; maar dat God nie woord gehou het nie. Hy is diep teleurgesteld in God en daarom bid hy nie meer nie.

- Ons kan sê dat die belangrikste redes vir die anti-gebedshouding die volgende is:
  - 'n valse godsdienstigheid;
  - teleurstelling;
  - skok.

Wat sit daar agter?

Waarom is daardie mense so teleurgesteld in God? Is God werklik onbetroubaar en onregverdig? Is dit waar dat God nie woord hou nie? Is dit die God van die Bybel wat hulle teleurgestel het of is dit hulle afgod?

Ek glo dat daar agter al die skokke en teleurstellings 'n verkeerde Godsvoorstelling lê. Daardie mense gaan van die gedagte uit dat God die "vriendelike", die "liewe Heer" is wat altyd net inwillig, wat net daar is om die wense en begeertes van die bidder te vervul. Volgens hulle is God net daar om aan hulle versoeke te voldoen, dit wil sê om in hulle diens te staan. Dit is totaal 'n verkeerde Godsvoorstelling.

En waar kry hulle hierdie verkeerde Godsvoorstelling? Natuurlik by dié mense wat vir hulle van God vertel het, naamlik vader en moeder; die onderwyseres en onderwyser in die skool en kategese;

in die jeugvereniging en ook in die erediens. Daardie mense het God dikwels voorgestel as 'n soort Kersfeesvader wat kom om geskenke uit te deel, om aan elkeen wat na Hom kom te gee wat hy vra. God se liefde is dikwels voorgestel as iets soetsappigs. Daar is dikwels nagelaat om ook te vertel dat God die soewereine God is, wat nie voorgeskryf en gedwing kan word nie; dat God die Vrymagtige is wat kan doen wat Hy wil; dat God die heilige God is wat die sonde nie duld en nie tyd het vir die platvloerse dinge nie; dat God volkome vry is om te gee of nie te gee nie; om weg te neem of nie weg te neem nie; om in te gryp of nie in te gryp nie; om dinge in 'n ander rigting te stuur of nie in 'n ander rigting te stuur nie.

Nou is daar mense wat, as God nie gee wat hulle vra nie, daarin die bewys vind dat God onregverdig of onbetroubaar is of nie woord hou nie. As ons so begin dink, moet ons goed kyk of die fout nie by onsself lê nie. Ons is die een wat fouteer, want ons wil vir God voorskryf en dit kan nie. Ons moet kyk of ons nie tot 'n god gebid het wat ons vir ons gemaak het in plaas van te bid tot die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het nie.

Ons, die ouers en kerkmense moet baie versigtig wees hoe ons oor God praat en wat ons vir ons kinders van God vertel. Die kerk en sy mense moet dikwels die skuld dra vir die anti-gebedshouding van sommige mense. Wanneer ons met ons kinders oor God praat, moet ons eers goed vasstel wat God van Homself gesê het, en dit wat ons moet weet, het Hy in sy Woord gesê. Ons moet nie van 'n ander God praat as van die God wat Hom in sy Woord geopenbaar het nie, want dan vertel ons nie meer van die God van die Bybel nie, maar van die God wat ons met ons verstand gemaak het. So 'n god is niks anders as 'n afgod nie. Dit is hierdie afgod wat mense teleurstel en nie woord hou nie – dit is nie die God van die Bybel nie.

Die regte gebedsgesindheid

Wanneer ons bid is daar twee houdings wat baie belangrik is, naamlik die sielshouding en die liggaamshouding. Van hierdie twee is die sielshouding beslis die belangrikste. Die liggaamshouding is beslis ook belangrik, maar nie so belangrik soos die sielshouding nie.

In hierdie hoofstuk gaan ons die aandag op die sielshouding vestig.

Die vraag wat hier na vore kom is: Wat moet die houding van die siel wees wanneer ons bid? Ons kan die vraag ook so stel: Wat is die regte gebedsgesindheid? Hoe moet dit lyk in die hart van die ware bidder?

Om die korrekte antwoord op hierdie vraag te kry sal ons na die Bybel moet gaan, want dit is net die Bybel wat kan sê wat die regte gebedsgesindheid is. Ons sal moet gaan kyk waarvan die gebede van mense soos Abraham, Moses, Elia en Dawid, Petrus en Paulus getuig.

Die gebed van die Ou-Testamentiese bidders getuig van die volgende:

- Ootmoed en 'n diepe gevoel van hulle volkome afhanklikheid van God. Hulle het hulleself gesien as die nietigste mense wat voor die grote God staan; as die behoeftige mense wat die aangesig van die skatryke God soek; as die knegte wat met die Heer in gesprek tree; as die slawe wat hulle harte voor die Koning kom uitstort.

  Genesis 18: 27. In hierdie hoofstuk doen Abraham voorbidding vir Sodom en Gomorra. In vers 27 sê hy: "Kyk tog, ek het dit gewaag om met die Here te spreek alhoewel ek stof en as is." Abraham sien homself dus nie as die geloofsheld wat nou vir die slegte sondaars van Sodom en Gomorra gaan intree nie, maar hy sien homself as die onwaardige. Hy is stof en as.

  Eksodus 3: 6. Hier word vertel van Moses se roeping by die brandende braambos en dan lees ons: "Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om God aan te sien." Sy houding spreek duidelik van ootmoedige eerbied en groot ontsag vir die Here.

  Jesaja 6: 5. As Jesaja geroep word om as profeet op te tree, dan sê hierdie hoogsbegenadigde man van homself: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is." Jesaja sien homself dus nie as iemand wat bekwaam is vir daardie werk nie, maar hy sien homself as 'n sondaar, as 'n man met 'n onreine hart, as onwaardig en onbevoeg om die Here se Naam op sy lippe te neem.

- Ons vind in hulle harte geloof, dit wil sê vertroue.

  Genesis 15: 6: Nadat die Here aan Abraham gesê het dat sy nageslag soos die sterre aan die hemel sal wees, lees ons: "En hy het in die HERE geglo." Dit beteken dat hy die Here absoluut op sy woord geneem het. By hom was daar geen twyfel nie.

  Psalm 18: 30: Hier roep Dawid met volkome sekerheid uit: "Met u hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie."

  Jesaja 26: 4: Jesaja roep die volk toe: "Vertrou op die HERE vir ewig, want in die HERE HERE is 'n ewige rots."

  Hierdie vertroue het 'n vaste grond, naamlik die genadeverbond. Hulle het geweet dat God uit grondelose barmhartigheid 'n plegtige ooreenkoms met Abraham en sy nageslag gemaak het en dat God in daardie ooreenkoms Homself aan Abraham en sy nageslag gegee het om hulle God te wees en hulle as sy volk aangeneem het. Hulle het dus vas geglo dat daar tussen hulle en God 'n besondere verhouding is; dat God 'n Waarmaker van sy Woord en 'n Vervuller van sy beloftes is. Hulle het geweet dat as God iets belowe, dan is dit so goed as reeds gegee.

- Opregtheid. Hulle gebede getuig van harte wat vol kinderlike opregtheid was. 'n Gebed wat uit 'n hart kom wat vol valsheid en bedrog is, is vir die Here nie aangenaam nie. Die Here het dit by monde van Amos duidelik gesê: "Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie.

  Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen behae in nie, en die dankoffers van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie" (Amos 5: 21–23).

  As die hart vol valsheid en bedrog is, is die godsdiens niks anders as vertoon nie. Dit is vir die Here 'n gruwel. Geveinsde vroomheid is dubbele ongeregtigheid. Tereg het iemand gesê dat as daar in die hel 'n plek is wat warmer as die ander is, sal die huigelaar in daardie plek kom.

- Hulle gebede getuig van ware berou. Hulle het geweet dat die sonde die diepste oorsaak van alle ellende is. Daarby kom ook dat hulle die karakter van die sonde geken het. Hulle het geweet dat hulle met hulle verkeerde woorde, gedagtes en dade, God se liefde vertrap het, sy Vaderhart beledig het en die hoogste hemelse reg geskend het. Hulle het hulle sondes eerlik bely en om vergifnis gepleit. 'n Mooi voorbeeld sien ons by Daniël. As hy dink aan die bannelinge in die

vreemde, bely hy die skuld van sy volk in dié woorde: "En ons het nie geluister na u knegte, die profete, wat in u Naam gespreek het tot ons konings, ons owerstes en ons vaders en tot die hele volk van die land nie.

Aan U, Here, kom die geregtigheid toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is, aan die manne van Juda en aan die inwoners van Jerusalem en aan die hele Israel, die wat naby en die wat ver is in al die lande waarheen U hulle verdryf het, oor hulle ontrou wat hulle teen U begaan het.

Here, aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan ons konings, aan ons owerstes, en aan ons vaders, omdat ons teen U gesondig het ..." (Dan 9: 6 verv).

- Hulle gebede spreek van 'n vaste oortuiging dat God hulle gebede verhoor.

Dit is duidelik dat God vir hulle die bekende God was, dié Een wat Homself aan hulle bekendgemaak het as die God wat kan hoor, praat, sien en iets aan hulle kan gee. 'n Mens kan nie tot 'n onbekende God bid nie. Jy kan nie bid tot 'n God van wie jy nie weet of Hy werklik bestaan, kan hoor, praat of sien nie. 'n Mens wat tot so 'n God bid, se gebed is niks anders nie as 'n gepraat in die ruimte.

Waarvan getuig die gebede van die Nuwe-Testamentiese bidders?

By die Nuwe-Testamentiese bidders vind ons dieselfde basiese dinge as by die Ou-Testamentiese bidders.

Prof dr BJ Engelbrecht het die gebedsgesindheid van die Nuwe-Testamentiese bidder duidelik weergegee in *Geloofsleer en sedeleer vir standerd 10* (p 308): "Behalwe dat Paulus in byna elke brief die blymoedigheid in die diens van die Here beklemtoon (Ef 5:19–20; Filip 4:4–6; 1 Tess 5:16–18; Kol 3:16; 4:2), lê hy ook sterk nadruk op die volgende eienskappe: *waaksaamheid en nugterheid* (1 Kor 7: 15; 16:13; Ef 6:18; 1Tess 5:6; Kol 4:2; vgl 1 Pet 3:7; 4:7); volharding en erns. Let op die woorde onophoudelik (Rom 1:9; 1 Tess 1:3); sonder ophou (1 Tess 2:13; 5:17); volhard (Kol 4:2; Ef 6:18; vgl 1 Kor 7:5); stry (Rom 15:30; Kol 4:12); *reinheid en opregtheid* (1 Tim 2:8; 2 Tim 1:3; vgl 1 Joh 3:21); *ootmoed en eerbied* (Hand 20:19; Ef 4:2; Filip 2:3; Kol 3:12; 1 Pet 5:5; Heb 12:28; vgl 2 Kor 7:6; Jak 4:6; 1 Pet 5:5); *vrymoedigheid*, omdat die hart nie veroordeel nie en God se gebooie bewaar word (1 Joh 3:21); *sekerheid van verhoring*, omdat ons *gehoorsaam* is en in Christus bly (1 Joh

5:14; vgl 1 Joh 3: 22–23) en omdat die Heilige Gees getuig in ons harte (1 Joh 3:24); *vaste vertroue*, gegrond op die persoonlike verhouding tot God in Christus (Ef 1:3; 2 Kor 1:3; 1 Pet 1:3). Hoe onmisbaar hierdie *geloofsvertroue* is, blyk veral uit Jakobus 1: 6–7. Die twyfelaar, sê Jakobus, ontvang niks, selfs nie die geestesgawe van wysheid nie. En Hebreërs 11:6 verklaar uitdruklik: 'Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag, want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van dié wat Hom soek'."

By die Nuwe-Testamentiese bidder kom danksegging baie sterk op die voorgrond. Dit beteken nie dat die danksegging by die Ou-Testamentiese bidders ontbreek het nie. Die Nuwe-Testamentiese bidder het homself gesien as 'n vrygekoopte mens, 'n mens wat uitgeruk is uit die kloue van die Satan en nou in die frisse, gesonde lug van die genade lewe. Hierdie mens voel homself gedronge om God te loof en te dank. Hy dank God vir die gawe van Jesus Christus; die liefde van die Vader en die Seun en die gemeenskap van die Heilige Gees; vir die evangelie wat hom 'n blik op God se ewige ontferming laat kry het; vir elke Elimbron en hulpbetoning op die pelgrimstog; vir gelede leed en elke sware kruis wat hom nader aan Christus gebring het; vir elke verhoorde en onverhoorde gebed; vir daelikse brood en klere; vir gesondheid en welstand en vir 'n hemel waar hy eendag die ewigheid kan deurbring.

Geen wonder dat die Bybel die gelowiges op byna elke bladsy tot danksegging oproep (Luk 18:1; Rom 1:9; Kol 4:2). Jesus en Paulus het die gelowiges nie net daartoe opgeroep nie, maar self ook die voorbeeld gestel.

Hoe lyk dit in ons harte?

Is dit nie waar dat ons gebed dikwels niks anders as sleurwerk is nie? Dink maar aan ons gebede voor en na ete. Dit is gewoonlik dieselfde rympie. Ons sê dit soos 'n resitasie op. Dit beteken nie dat ons die tafelgebede moet uitskakel nie, maar alleen dat ons dit nie gedagteloos moet doen nie. Hoe skandelik-oneerbiedig, hoe diep-sondig is die gebed wat gedagteloos gedoen word? Ons roep God en vra Hom om te luister. Maar as Hy die oor na ons toe neig, vergeet ons Hom, al prewel ons mond 'n paar gebedswoorde; ons trek ons aandag van Hom af weg en verplaas ons belangstelling na die dinge van die wêreld. U sou beledig voel as iemand u so behandel. Sal ons dan so handel met ons Skepper? Mag God ons daarvoor bewaar!

Ons dink ook aan ons gebede voor ons in die aand gaan slaap en in die môre wanneer ons opstaan. Sê ons hierdie gebede nie ook dikwels sonder enige konsentrasie op nie? So 'n gebed lyk soos 'n treintjie wat elke dag by dieselfde stasie aandoen en dan verder gaan totdat hy by die laaste stasie aankom. Dit is geen gebed nie.

Ons gebed getuig ook soms van die uiterste selfsugtigheid. In ons gebed gaan dit dikwels net om ońs en ońs belange. Ons staan dan in die middelpunt. In die Christelike gebed sterf die selfsug; vir eie liefde is daar geen lug waarin dit kan asemhaal en lewe nie. In die Christelike gebed gaan dit nooit in die eerste plek om ońs en ońs belange nie, maar altyd om God en sy koninkryk. Die ware bidder vra dat God se wil altyd sal geskied.

Ons bid dikwels ook sonder die sekerheid dat God ons gebed verhoor. Daar word dikwels deur gelowiges gesê dat God die dinge wat Hy besluit het om aan ons te gee, sal gee en wat Hy besluit het om nie te gee nie, nie sal gee nie. Hierdie mense beroep hulle vir hulle standpunt op die onveranderlikheid van God. Volgens hulle het God in die ewigheid reeds besluit om sekere dinge te gee en ander nie te gee nie. Wanneer ons egter in 'n God glo wat voor alle tye alles wat sal gebeur by wyse van dekrete vasgestel het, sodat alles wat in die wêreld en in ons lewe gebeur, soos Hy dit in die ewigheid vasgestel het, dan het die gebed geen sin nie. Die Christen glo nie in die starre onveranderlike God van die heidene of selfs Christelike filosowe nie, maar die Christen glo in en vertrou op die God van die Bybel en die Bybel praat kinderlik onbesorgd oor die onveranderlikheid sowel as die veranderlikheid van God.

Wat bedoel die Bybel met die onveranderlikheid van God? Dit beteken nie dat God gebonde is aan 'n wetmatigheid wat Hyself daargestel het nie; die Bybel bedoel ook nie dat God 'n gevangene in sy eie dekrete is nie. Dit beteken dat God onveranderlik is in sy wese, trou, genade, liefde, beloftes, sy verhouding tot die kwaad en in sy verhouding tot sy kinders. Daarin is God ewig onveranderlik, dit wil sê ewig dieselfde. God is liefde (1 Joh 4:8), en dit kan nie verander word nie. God is ook onveranderlik in sy beloftes, trou en genade. God kan ook nooit genoeë neem met die kwaad nie, dit wil sê God kan nooit 'n ander houding inneem ten opsigte van die sonde nie. Die sonde is altyd 'n gruwel in die oë van die Here.

Maar God is ook veranderlik. Dit beteken egter nie dat sy wese, liefde, trou, genade, ensovoorts verander nie, maar dat God sekere besluite kan verander. In Genesis 6:6 lees ons. "... dit het die HERE

berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart." In Eksodus 32 word vertel dat Israel die goue kalf gemaak het en toe gesê het: "Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het (vers 8). Toe het God besluit om Israel te verteer" (vers 10). Moses het vir Israel voorbidding gedoen en vers 14 sê: "Toe het dit die HERE berou oor die onheil wat Hy gesê het dat Hy sy volk sou aandoen." Ons dink ook aan die verandering van God se voorneme ten opsigte van Sodom en Gomorra (Gen 18) en aan Hiskia se genesing (2 Kon 20). Hier is elke keer gepleit dat God sy besluit sal verander en die Here het dit gedoen.

Wanneer ons nou op grond van die onveranderlikheid van God se wese, liefde, trou, genade, beloftes, en sy verhouding tot die kwaad, bid en om vergewing van sondes vra, dan vra ons nie dat God sy wese of sy houding teenoor die sonde moet verander nie en nou genoeë met die sonde moet neem nie. Ons vra dat Hy ons wat gesondig het en die straf verdien het, nie meer sal straf nie, maar ons in genade sal aansien. Daarmee vra ons nie dat God ons sondes nou moet oorsien of maak asof ons nie gesondig het nie. Ons vra vergifnis omdat Christus ons sondes vir sy rekening geneem het, al ons skuld betaal het en so die toorn van God oor ons afgewend het.

Wanneer daar in die hart van die bidder ware geloof en kinderlike opregtheid is, skenk God vergewing. Jesus het ons daarvan verseker (Joh 15:7) en die apostel Johannes sê: "En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons iets volgens sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Die liggaamshouding van die bidder

In die vorige hoofstuk is gesê dat die gebedsgesindheid, dit wil sê die sielshouding van die bidder belangriker is as die liggaamshouding. Dit beteken nie dat die liggaamshouding tydens die gebed onbelangrik is nie. Nee, die liggaamshouding is belangrik, want dit gee gewoonlik 'n aanduiding van die gesteldheid van die hart. Wanneer daar blydskap en geluk in die hart is, is die liggaamshouding gewoonlik anders as wanneer daar droefheid en smart in die hart is. As die hart vol woede is, kan 'n mens dit gewoonlik in die liggaamshouding sien.

In hierdie hoofstuk gaan ons probeer vasstel wat die regte liggaamshouding is wanneer ons bid. Moet ons onder die gebed kniel, staan, sit of lê?

Net soos ons in die Bybel gesoek het na 'n antwoord op die vraag na die regte gebedsgesindheid van die hart, gaan ons nou ook na die Bybel vir 'n antwoord in verband met die regte liggaamshouding onder die gebed.

Wat was die liggaamshouding van die Ou-Testamentiese bidders?
'n Paar uitsprake sal dit duidelik laat blyk.

- *1 Konings 8:54:* In vers 12–66 het ons die rede en gebed van Salomo by geleentheid van die inwyding van die tempel. Daar lees ons in vers 54 dat Salomo in 'n knielende houding gebid het.
- *Esra 9:5:* In hierdie hoofstuk word vertel dat Israel gesondig het deur hulle met die heidene te vermeng. Nou bely Esra namens die volk die skuld en pleit om vergifnis en hy doen dit terwyl hy kniel. Sy liggaamshouding getuig dus van ootmoed, boetvaardigheid en smeking. Esra het ook sy hande opgehef wat wys dat hy 'n genaderyke antwoord van God verwag.
- *Psalm 95:6:* In hierdie Psalm roep die digter die volk op om God te loof en aan Hom gehoorsaam te wees, want God is die Skepper van alle dinge; die enigste werklike Besitter en aan Hom behoort alle mag in die hemel en op die aarde. Dit pas die mens om voor hierdie God neer te buig en Hom te aanbid. Met hierdie houding erken die mens sy nietigheid en sy volkome afhanklikheid van God.
- *Jesaja 45:23:* Hier sê die Here: "Ek sweer by Myself ... dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer." Die knielende

houding wys daarop dat die bidder sy algehele onderworpenheid aan God erken en aan God al die eer wil gee.

- *Daniël 6:11:* Hier lees ons dat Daniël drie keer per dag op sy knieë geval het en tot God gebid het. Hierdie knielende houding getuig van die diepe besef van sy magteloosheid en *hulpbehoewendheid.* Hy neem dan ook sy toevlug tot God.

Vir die Ou-Testamentiese bidder was die kniel of die neerval op die grond 'n bekende liggaamshouding onder die gebed. Behalwe dat daar gekniel is, het die Ou-Testamentiese bidder ook dikwels gestaan.

- *Genesis 19:27:* "En Abraham is vroeg in die môre na die plek waar hy voor die aangesig van die HERE gestaan het."
- *Deuteronomium 29:15:* "... maar met die wat vandag hier saam met ons voor die aangesig van die HERE onse God staan ..."
- *1 Samuel 1:26:*"Ag, my heer, so waar as u siel leef, my heer, ek is die vrou wat hier by u gestaan het om tot die HERE te bid."
- *Jeremia 18:20:* "Gedenk hoe ek voor u aangesig gestaan het om 'n goeie woord vir hulle te doen, om u grimmigheid van hulle af te keer."

Behalwe dat die Ou-Testamentiese bidders gekniel of gestaan het, het hulle ook nog die hande opgehef of uitgesteek (Ps 28:2), die oë opgeslaan na die hemel (Ps 121:1), en soms het hulle ook die hoofde bedek (Gen 24:65); en as hy in die tempel aanbid het, het hy die gesig in die rigting van die Allerheiligste gedraai, dit wil sê na die plek waar God woon. Dit tref ons ook dat die Hebreeuse woord vir "op die aarde neerval" die gewone uitdrukking vir aanbid geword het (vergelyk Dan 3:5; Eseg 11:13).

Dit is duidelik dat die Jode verskillende houdings ingeneem het wanneer daar gebid is. Hulle het ook verskillende gebare met die hande gemaak. BJ Engelbrecht sê in *Geloofsleer en sedeleer vir standerd 10* (p 299): "Uit al die verskillende houdings en gebare blyk die bidder se nietigheid en afhanklikheid, sy ontsaglike eerbied voor die Oppermajesteit. Of hy nou al sit of staan, neerbuig of neerval, kniel of net maar die hande vou (ophef of uitbrei), of die gesig na die hemel keer, steeds getuig sy houding van die besef dat hy hom voor die aangesig van God, in die teenwoordigheid van die lewende God bevind."

Wat was die liggaamshouding van die Nuwe-Testamentiese bidder?

Die Nuwe-Testamentiese bidders het ook dikwels gekniel. Ons dink aan Jesus (Luk 22:41); Stefanus (Hand 7:60); Petrus (Hand 9:40); Paulus (Hand 20:36) en ook aan tekste soos Handelinge 21:5; Efesiërs 3:14 en Openbaring 4:10. Dit was ook die wyse waarop die behoeftiges na liggaam en siel na Jesus toe gekom het. Ons dink aan die genesing van die siek kind (Matt 17:14); die ryk jongman (Mark 10:17) en die soldate wat vir Jesus bespot het (Mark 15:19). Dit was ook die liggaamshouding wat mense ingeneem het as hulle 'n uiterste poging aangewend het om iets wat reeds geweier is, te verkry.

Die Nuwe-Testamentiese bidders het dikwels ook gestaan onder die gebed. Ons dink aan Markus 11:25; Matteus 6:5 en die Fariseër en tollenaar (Luk 18:11 en 13).

Ons kan sê dat die klem by die Nuwe-Testamentiese bidder nie in die eerste plek op die uiterlike liggaamshouding en handgebare val nie, maar op die gesteldheid van die hart. Die onmisbare vereiste is aanbidding in gees en waarheid en daarvoor is nodig ware ootmoed, kinderlike opregtheid, geloof, gehoorsaamheid en liefde.

Dit beteken egter nie dat die Christen onverskillig kan wees ten opsigte van sy liggaamshouding onder die gebed nie. Al is die liggaamshouding nie so belangrik as die sielsgestelheid nie, is dit tog ook belangrik, want dit gee dikwels 'n aanduiding van die gesteldheid van die hart. Die vrees en eerbied vir God, die afhanklikheid van en die eerbetoning aan God, kom in die liggaamshouding uit. Die mens wat onder die gebed 'n onverskillige en slordige liggaamshouding inneem, toon daarmee dat sy hart ook nie daar is nie. Daardie mens besef nie dat die gebed 'n baie ernstige saak is nie. Tydens die gebed bevind die bidder hom in die teenwoordigheid van God en verkeer hy in gesprek met God. Watter mens sal bly sit wanneer die staatspresident by 'n saal instap? Watter mens sal 'n oneerbiedige houding inneem wanneer hy met 'n koning praat? Hoe kan die bidder dan 'n liggaamshouding inneem wat van slordigheid en oneerbiedigheid getuig as hy in die teenwoordigheid van die Koning van alle konings is en met die Here van alle here praat?

Die liggaamshouding van die bidders tydens die Hervorming

Tydens en kort na die Hervorming het die hervormers in die godsdiensoefeninge nog gekniel as daar gebid word. Die Kerkorde van

die Gereformeerde Kerk van Frankryk het in hoofstuk 10, artikel 1, bepaal dat die bidders in die eredienste en by die huisgodsdienste die hoofde sal ontbloot en op die knieë sal staan. Die predikante, ouderlinge en gesinshoofde is beveel om sorgvuldig daarop ag te gee dat elke persoon onder die gebed die hoof sal ontbloot en sal kniel, want so lewer hy getuienis van die ootmoed in die hart en die eerbied vir God.

Daar word vertel dat 'n groep van tien predikante en twee en twintig gemeentelede onder leiding van Theodorus Beza, wat 'n goeie vriend van Calvyn was, in die jaar 1561 voor koning Karel IX en sy moeder Catherina de Medici moes verskyn. Toe Beza aan die woord gestel is, het hy en die hele afvaardiging eers op die knieë geval en gebid en daarna het hy sy toespraak ter verdediging van die Protestantse leer gehou.

Wanneer is die liggaamshouding verander?

Soos reeds gesê is daar tydens die Hervorming nog gekniel onder die gebed, maar algaande is daar oorgegaan om onder die gebed in die erediens te staan. Hierdie verandering het in die Engelse wêreld gekom as gevolg van die proteste van die Puriteine teen die Engelse Episkopaalse Kerk. Hierdie kerk het in die begin van die sewentiende eeu die primaat van die Pous verwerp, maar nog aan baie leerstellings van Rome vasgehou en aan sekere seremonies besondere waarde toegeken. Een van hierdie seremonies was die kniel onder die gebed. Die Puriteine het dit ernstig teengestaan en ook heftig teen die liturgiese gebede geprotesteer. Hulle was voorstanders van die "staan" onder die gebed en van die vrye gebed. Hulle het die vrye gebed, die gebed "uit die hart" genoem.

Die liggaamshouding in ons tyd

Sommige van ons kerke kniel nog by drie geleenthede, naamlik by die huweliksluiting waar die bruid en bruidegom kniel; by die ordening van 'n proponent en by die doop van 'n volwassene. Party kerke laat die manslidmate staan en die vrouelidmate sit, terwyl daar ook kerke is waar almal onder die gebed sit. By geleentheid van die ete sit almal en wanneer iemand in die hospitaal is, lê hy op sy rug en bid. Ook hier geld die reël dat die liggaamshouding nie die belangrikste is nie, maar wel die gesteldheid van die hart.

Die kerk gee geen definitiewe voorskrif nie. Die kerk dring egter daarop aan dat ons liggaamshouding onder die gebed sal getuig van ontsag en eerbied vir God, van volkome afhanklikheid van en onderworpenheid aan God. Wat ons liggaamshouding onder die gebed ook al mag wees (kniel, staan, sit of lê); dit moet steeds aandui dat ons al die eer aan God gee.

Ons liggaamshouding mag nooit van luiheid, gemaksug en oneerbiedigheid getuig nie.

Bid in die Naam van Christus

Elke bidder weet dat ons ons gebede gewoonlik tot die Vader rig; nou en dan tot die Seun en baie selde tot die Heilige Gees. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die Heilige Gees die Bemiddelaar is deur wie ons gebede aangebied en geantwoord word. Dit beteken nie dat ons aan die Heilige Gees nie lof, eer en aanbidding moet bring nie, maar net dat ons ons gebede gewoonlik tot die Vader rig en ook tot die Seun en dat ons dit gewoonlik in die Naam van die Seun doen (Joh 16:23). Wie sy gebed in die Naam van die Seun tot die Vader rig, kry van Jesus die versekering dat "wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy julle gee."

Dit is 'n belangrike versekering en daarom wil ons hierdie versekering van nader bekyk. Ons wil vra: Wat beteken dit om in die Naam van die Seun te bid?

Wat beteken die uitdrukking nie?

In die Naam van die Seun bid, beteken nie dat die bidder net moet sorg dat ten minste een van die Name van Jesus in sy gebed voorkom nie. As ons na die *Onse Vader* kyk, merk ons dat nie een van Jesus se Name daarin voorkom nie en tog is dit 'n gebed in sy Naam.

Dit beteken ook nie dat die bidder net in die Gees van Christus moet bid nie, dit wil sê die bidder moet nie net as hy hom in 'n bepaalde situasie bevind, gaan kyk hoe Jesus in so 'n situasie gepraat het, en dan net so gaan praat nie. Wie so maak, sien in Christus maar net 'n Voorbeeld en geen Verlosser, Versoener en Saligmaker nie. Die persoon wat so bid het nie in die Naam van Jesus gebid nie.

Wat beteken die uitdrukking wel?

GBA Gerdener het in *Handboek by die katkisasie* (p 234) gesê: "Gebed in die Naam van Jesus beteken dat ons bid op grond van en met beroep op die versoeningswerk van Christus. Soos 'n gesant in 'n vreemde land in die naam van sy regering spreek en optree en dan sy regering en sy hele volk agter hom het, so ook ons, wanneer ons in die Naam van Jesus bid."

BJ Engelbrecht sê in *Geloofsleer en sedeleer vir standerd 10* (p 306): "Die klem val hier egter op die persoonlike verhouding van die bidder tot

die Heiland. Net soos in die Ou Testament beteken die naam ook hier die wese van die persoon. Wie in Jesus se Naam bid, bid in gemeenskap met sy Goddelike Wese, dit wil sê in gemeenskap met alles wat daardie heerlike Naam insluit en omvat. Die Christen se verhouding tot God is gesentraliseer in en word bepaal deur sy verhouding tot Christus, die hemelse Hoëpriester, sonder wie niemand tot die Vader kan kom nie."

Bid in die Naam van Christus beteken dat ons Christus as Middelaar eer, dat ons deur Hom en nie langs Hom na die Vader kan gaan nie; dat ons ons na die deur van die skaapstal wend, en nie op 'n ander manier wil ingaan nie.

Wie in sy Naam bid, die steun op sy soenverdienste. Die Naam in die Skrif beteken die krag, die wese self, soos Hy Hom openbaar ... Naam en mag is dieselfde, soos Petrus omtrent die kreupelgeborene wat genees is, tot die volk gesê het: deur die geloof in Jesus se Naam het sy Naam hierdie man gesterk ... In sy Naam te bid beteken: in sy krag te bid, in die krag wat ons omvat en dra, en ook die gebed in ons werk.

Ons kan dus sê: Om in die Naam van Christus te bid beteken om op die innigste wyse aan Christus verbonde te wees: om Christus agter jou te hê soos die gesant sy regering en volk agter hom het; om in die krag van Christus te bid; om Christus, ons enigste Middelaar en Versoener te ken en om jou op Christus se soenverdienste te beroep. Wie in die Naam van Christus bid, het Christus se soenverdienste as enigste pleitgrond.

Die bid in die Naam van Christus kan soos volg omskryf word: Dit is bid in die vertroue dat ons gebed uitdrukking van Christus se wil is. Dit is om in die vertroue te bid dat Christus ons deur sy gehoorsaamheid reg op die gevraagde verwerf het. Dit is om in die vertroue te bid dat wat ons gegee word vir Christus tot voordeel is, namate dit dien tot volmaking van sy geestelike liggaam. Die bid in die Naam van Christus stel drie eise: Dat Christus wil, wat ons begeer; dat Christus die dinge wat ons vra, verdien het; dat God om Christus se wil beloof het, wat ons verlang; en dat die gevraagde ding tot Christus se verheerliking strek en tot die verheerliking van God in Christus. En die gebed wat Christus ons geleer het, beantwoord aan al hierdie eise en mag dus na die inhoud beskou word as 'n gebed in die Naam van Christus.

As ons goed wil weet wat dit beteken om in die Naam van Christus te bid, sal ons moet weet wat die woord "naam" in die Bybel beteken. In die Bybelse tyd het die naam altyd op die persoon, op sy wese,

gewys. Wie die Naam van die Here aangeroep het, het die Here self aangeroep en wie die Naam van die Here gelaster het, het die Here self gelaster. In die Naam van die Here het ons met die Here self te doen.

Ons ken ook almal die bekende woorde wat by die bediening van die doop gebruik word, naamlik: "Ek doop u in die Naam van die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees." Met hierdie woorde word verklaar dat die dopeling deur die doop in die gemeenskap met die Vader en die Seun en die Heilige Gees gebring word. Deur die doop ontvang die dopeling dan die versekering van Christus dat hy herstel is in die gemeenskap met die skatryke Vader, wat alles besit, wat hy in sy lewe nodig sal hê om 'n sukses van sy lewe te maak en alles wat hy nodig het om in hierdie lewe getroos te lewe en eendag salig te sterwe. Hy ontvang ook die versekering dat hy herstel is in die gemeenskap van die Seun wat al sy skuld en sondes vir sy rekening geneem het en sy geregtigheid en heiligheid vir hom toereken en skenk. Hy ontvang ook die versekering dat hy herstel is in die gemeenskap met die Heilige Gees wat in hom wil woon, hom wil lei en vertroos en hom wil verseker dat hy 'n kind van God is en daarom ook erfgenaam van God en mede-erfgenaam van Christus is.

Dus, om in die Naam van die drie-enige God gedoop te wees, beteken om in die werklike lewensgemeenskap met die lewende God te kom. As 'n mens wat so in die werklike gemeenskap met die lewende God herstel is, in die Naam van die Seun bid, bid hy in die krag van Christus, dit wil sê Christus staan agter hom soos die regering en die volk agter die gesant staan. Hy wat in die krag van Christus bid, het die versekering dat hy alles sal kry wat hy vra. Jesus bevestig dit as Hy hierdie belofte in Johannes 15:7 gee. Daar lees ons: "As julle in My bly en My woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry." As ons hierdie versekering goed wil verstaan, moet ons dit verklaar in die verband waarin dit staan. Die rank en die wynstok vorm één plant. Die rank is nie aan die wynstok vasgebind of vasgeplak nie, maar dit het uit die wynstok uitgegroei. As daardie rank sou kon praat, sou hy vir die wynstok lewensap en lewenskrag vra, nie om net blare te dra of om 'n bos te vorm waarin die slange en ander gevaarlike diere kan wegkruip nie, maar om baie vrugte, mooi vrugte en groot vrugte te dra, waarmee hy die hart van die tuinier bly kan maak. Sou die wynstok dit weier? Nog nooit! Net so vorm die mens wat deur 'n opregte geloof in Jesus Christus ingelyf is met Hom as 't ware een plant. Die kanaal tussen hom en Christus is oop. Nou vra hy genade en krag, gesondheid en welstand, verstand en wysheid, geld en goed, nie om daarmee te

gaan kwaaddoen nie, maar om die dinge te doen waarmee hy die hart van die Vader bly en gelukkig kan maak. Nou sê Jesus dat die mens wie se verhouding tot Hom reg is, wat hierdie dinge in sy Naam vra, verseker mag wees dat hy dit sal kry.

Die mens wat sy gebed in die Naam van Christus tot die Vader rig, weet 'n paar dinge:

- Christus is die enigste toegang tot die Vader. Dit het Jesus self gesê (Joh 14:6). Buite Christus om kan niemand by die Vader kom nie. Hy is die deur wat toegang verleen. 'n Gebed wat nie in die Naam van Christus tot die Vader gerig is nie, kom nie by die Vader uit nie, dit word nie verhoor nie, want dit is geen gebed nie. Die gebed word net verhoor as dit 'n gebed in die Naam van Christus is.

- Hy weet dat Christus die enigste Middelaar en Versoener is. As gevolg van die sonde het daar 'n wanverhouding tussen God en die mens gekom. Adam en Eva het die rug op God gedraai. Hulle het oorlog teen God verklaar. Ons kan sê dat hulle kwaaivriende geword het. God wou dit nie so hê nie, daarom het Hy vir Christus gestuur om as Versoener op te tree. Hy moes die kwaaivriendskap kom beëindig en 'n goeie vriendskap kom bewerk. Die vyande moet bondgenote word. Om dit te doen moes Jesus die diepste oorsaak van die wanverhouding, naamlik die sonde, wegneem en dit het Hy gedoen deur die mens se skuld en sonde vir sy rekening te neem en sy geregtigheid en heiligheid vir die mens toe te reken en te skenk. Die nagmaalformulier stel dit pragtig as hy sê dat Christus Hom laat bind het om ons te ontbind; ontelbare smaadhede gely het, sodat ons nooit meer tot skande sou word nie; onskuldig tot die dood veroordeel is, sodat ons voor die gerig van God vrygespreek sou word; ons vervloeking op Hom geneem het sodat ons met sy seëninge vervul kan word. Die gelowige mens is dus die versoende mens; hy is vriend van God en nou het hy by die Vader 'n voorspraak, 'n advokaat, 'n pleitbesorger naamlik, Jesus Christus, en soos Jesus God se genade en saligheid aan hom voorgehou het, so bring Christus nou sy node en dankseggings voor die troon van God. Die Seun is ons voorspraak, ons advokaat, by die Vader (1 Joh 2:1). Hy neem ons party op teen alle beskuldigings van Satan, wêreld en eie hart. Omdat Hy ons saak verdedig (Rom 8:34), kan ons onmoontlik veroordeel word.

- Christus se geregtigheid is die enigste pleitgrond. Dit beteken dat

die mens se geregtigheid en prestasies nooit sy pleitgrond kan wees nie. Die mens wat dit as pleitgrond gebruik, maak soos die Fariseër wat gebid het: "O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste" (Luk 18:11 en 12). Jesus sê dat sy saak met God nie reg is nie. Sy gebed was vir die Vader nie aangenaam nie. Wie egter op grond van Christus se geregtigheid pleit, pleit soos die tollenaar wat gesê het: "O God, wees my, sondaar, genadig," (Luk 18:13) en soos die moordenaar aan die kruis: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom" (Luk 23:43). Die mens wat so op grond van Christus se geregtigheid pleit, ontvang die antwoord wat die moordenaar ontvang het: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Hierdie mens se saak is reg by die Vader.

Die mens wat in die Naam van Christus bid, weet dat hy in dié Naam 'n sterk pleitgrond het. Natuurlik, want die Naam van Christus spreek van versoening en wegneming van sondes. Waar die Vader hiérdie Naam op die voorhoof van 'n mens sien, daar trek Hy al die deure van sy volgepakte skatkamers oop en daar skud Hy al sy guns en genade uit, al is daar in daardie mens self geen waardigheid nie. Hy weet ook dat hy in die Naam van Christus 'n ruime pleitgrond het. Natuurlik, want daar is plek vir al die nood, hoe uiteenlopend dit ook al mag wees. Jesus sê mos: "Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee."

Daarom gryp ons hart altyd wanneer ons bid na dié Naam; skuil dit weg in dié Naam; bedek hy hom met dié Naam; en in dié Naam omhels hy die voorspraak, wie se gebed alles vermag; want dié Naam, is Hyself, Jesus Christus, die regverdige.

Aanbid deur die Gees en in waarheid

In Johannes 4:23 sê Jesus aan die Samaritaanse vrou dat die ware aanbidding daar is waar die Vader deur die Gees en in waarheid aanbid word. Dit is beslis 'n baie belangrike uitspraak, want wie wil God nie graag reg en opreg aanbid nie?

Om hierdie uitspraak reg te verstaan, moet ons let op die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het en op die verband waarin dit staan.

Ons vind Jesus hier in 'n gesprek met 'n Samaritaanse vrou. Die gesprek het oor drie sake gegaan.

- Jesus het met haar gepraat oor die water van die lewe. Terwyl Jesus by die fontein van Jakob gesit het, het daar 'n Samaritaanse vrou aangekom wat water kom haal het. Toe sy die man by die fontein sien, het sy dadelik gemerk dat hy 'n Jood is.Nou moet u weet dat die Jode en die Samaritane in daardie tyd nie goeie vriende was nie, inteendeel, hulle was vyande, hulle het nie eers met mekaar gepraat nie. 'n Mens verstaan dan ook dat die vrou totaal verbaas was toe die man vir haar 'n bietjie drinkwater vra. Haar verbasing kom duidelik uit in haar vraag: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?" Jesus het haar soos volg geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink', sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het." Sy vra Hom: "Waar gaan jy die lewende water vandaan kry?". Jesus antwoord: "Wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie." Sy vra toe: "Meneer, gee vir my van daardie water sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie."

  Uit hierdie gesprek blyk dat die gesprek oor die lewende water, dit is die genade en die saligheid maar weinig indruk op die vrou gemaak het en daarom het Jesus die gesprek na haar huwelikslewe verskuif.

- Jesus sê vir haar: "Gaan roep jou man en kom terug hierheen." Sy antwoord: "Ek het nie 'n man nie." Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: 'Ek het nie 'n man nie'. Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie." Dus, die vrou lewe in ontug. Nou wou Jesus met hierdie gesprek haar gewete wakker skud. Hy wou haar tot die besef bring dat sy teen die uitdruklike bevel van die

Here in, lewe. Dit het blykbaar ook nie geslaag nie, maar sy het tog besef dat sy hier met 'n besondere persoon te doen het, want sy sê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is." Nou was 'n profeet 'n gesant, 'n boodskapper van God. Hy was 'n persoon wat aan die mense kom sê het hoe God oor hulle dink en hy het in noue gemeenskap met God gelewe. Nou sien die vrou in hierdie man so 'n persoon en sy wou graag meer inligting van hom hê en onderrig van hom ontvang – daarom het sy die gesprek na die plek van aanbidding verplaas.

- Sy sê vir Jesus dat hy 'n Jood is en sy 'n Samaritaan; dat haar voorouers, so ook sy, op die berg Gerasim aanbid en dat die Jode sê dat Jerusalem die regte plek van aanbidding is. Sy wil van Jesus weet wie reg is, die Jode of die Samaritane en waar die regte aanbiddingsplek is: Gerasim of Jerusalem.

  Uit die gesprek blyk dat die Jode en Samaritane nie oor die voorwerp van aanbidding verskil nie. Albei die groepe aanbid die God van die Bybel. Albei maak groot erns met die aanbidding en wil God graag reg en op die regte plek aanbid. Die enigste verskil is die plek van aanbidding.

Nou antwoord Jesus haar deur te sê dat daar 'n tyd kom wanneer die mense God nie in Jerusalem of op Gerasim sal aanbid nie. Daarmee sê Jesus aan haar dat die aanbiddingsplek nie die belangrikste is nie, maar wel die gesteldheid van die hart. Wanneer 'n mens God aanbid vra Hy nie waar jy aanbid het nie, maar Hy kyk of jy deur die Gees en in waarheid aanbid het. God kyk nie na die plek van aanbidding nie, maar hoe dit in jou hart lyk. Nou sê Jesus dat die ware aanbidding daar is waar die mens deur die Gees en in waarheid aanbid.

Deur die Gees aanbid

Met hierdie uitdrukking wil Jesus eerstens aan die vrou sê dat God Gees is en dit beteken dat God nie aan 'n bepaalde plek gebonde is nie. God is oral teenwoordig en daarom moet die aanbidding ook in ooreenstemming met God se wese wees. Alleen die gebed wat deur die Gees en in waarheid is, is vir God aangenaam en word verhoor.

Om hierdie uitdrukking "deur die Gees aanbid" te verstaan, moet ons onthou dat God by monde van die profeet Sagaria (Sag 12:10) gesê het dat Hy sy Gees wat die Gees van "genade en smeking" is, aan sy volk sal gee. Wie is die volk aan wie die Here die Gees van genade en

smeking sal gee? Dit is die mense wat in 'n verbondsverhouding tot Hom staan; die mense wat sy eiendom is; wat deur 'n opregte geloof in Hom ingelyf is. Dit is die gelowiges. Die Here sal dus sy Gees van genade en smeking gee om in die harte van die gelowiges te woon en te werk en van hierdie Gees sê Paulus in Romeine 8:26 en 27: "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie onder woorde gebring word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges."

Paulus sê hier dat die gelowiges nie goed weet wat en hoe hulle behoort te bid nie. Dit is waar, want die gelowige mens is nie altyd 'n goeie beoordelaar van sy eie toestand nie. Hy ken nie altyd die volle diepte van sy nood en ellende nie en hy ken ook nie altyd die werklike diepte van die heerlikheid wat hy vra nie, en nou kom die Gees van genade en smeking wat in hom woon hom te hulp.

Hoe help daardie Gees hom? Die Gees neem die saak vir hom op, spreek saam met hom in sy gebede en die Gees doen dit met versugtinge wat nie onder woorde gebring kan word nie. Die Gees gee ook aan sy gebed 'n inhoud wat hy self nie daaraan kan gee nie. Die Gees tree in die hart van die gelowige op as die voorspraak. Die Gees doen dus soos moeder gedoen het toe sy haar kindjie geleer het om te bid.

Moeder het 'n reëltjie gesê en die kindjie het dit na-gesê; dan sê moeder weer 'n reëltjie en die kind sê dit agterna. Ons kan dus sê dat die kindjie se gebed eintlik moeder se gebed is. So sê die Gees van genade en smeking vir die gelowige wat en hoe hy moet bid. Soos die verhoogde Heiland in die hemel vir ons as voorspraak optree, so tree die Gees van genade en smeking nou in die hart op as voorspraak.

Matthew Henry verduidelik hierdie saak met die volgende voorbeeld: Hy sê dat as ons kind 'n stuk hout moet dra wat baie swaar is, dan gaan ons hom help, maar dan neem ons nie die stuk hout uit sy hande sodat hy maar net 'n toekyker word nie, dog ons vat een kant aan die hout en hy aan die ander kant en so help ons hom om die swaar gewig te dra. Ons ondersteun eintlik maar net sy krag.

So doen die Gees van genade en smeking ook. Hy ondersteun ons, Hy gee die woorde, Hy besiel ons versoeke, Hy gee 'n inhoud aan ons gebed wat ons nie daaraan kan gee nie, Hy spreek mee in ons gebede. Hy bid deur ons mond. Daarom kan ons sê dat die Gees van genade en smeking wat in ons woon 'n verligtende Gees is, want Hy leer ons wat en hoe ons moet bid. Dit is 'n heiligende Gees, want Hy spoor ons aan

tot aanbidding en tot 'n heilige lewenswandel. Dit is 'n vertroostende Gees, want Hy verdryf alle vrees en help ons deur al ons mismoedigheide. Hierdie Gees is die fontein waaruit al ons begeertes en verlangens na God, voortkom.

En God wat nie soseer let op die uiterlike vorm en taal van die gebed nie, maar op die gesteldheid van die hart, op die innerlike roersele en bedoelings van die hart, verhoor die gebed, want dié gebed is eintlik die gebed van die Heilige Gees. Die Vader verhoor hierdie gebed, want Hy ken die bedoelinge van die Gees en Hy weet dat die Heilige Gees nie iets sal vra wat in stryd is met die wil van die Vader nie. Die Heilige Gees bring die gebed in ooreenstemming met die wil van die Vader.

In waarheid bid

Jesus sê nie net dat ons deur die Gees moet bid nie, maar ook in waarheid. Die woord "waarheid" beteken hier soveel as opregtheid. Die woord waarheid staan hier teenoor valsheid en bedrog. 'n Gebed wat uit 'n hart kom wat vol valsheid en bedrog is, is geen gebed nie. So 'n gebed is vir die Vader nie aangenaam nie en word ook nie verhoor nie. Die gebed wat uit 'n hart kom wat vol opregtheid is, is vir die Vader aangenaam. So 'n gebed is vry van alle "skyn en afgod en vermensliking." Die Vader soek sulke bidders.

Die woord "waarheid" staan hier ook teenoor oorlewering en tradisie. Die vrou van wie daar in Johannes 4:1–30 vertel word, het haar op die oorlewering van die voorvaders beroep. Nou sê Jesus aan haar dat die oorlewering en tradisie nie bepaal of 'n mens se gebed waarlik 'n gebed is nie, dog dat die aanbidding "deur die Gees en in waarheid" die bepalende faktor is. 'n Mens kan hoog in die lug in 'n vliegtuig sit of onder in die donker gange van die myn staan en aanbid en as dit "deur die Gees en in waarheid" is, is dit werklik 'n gebed. 'n Mens kan in die kerk of bo in 'n boom sit en bid en as die gebed uit 'n hart kom wat vol opregtheid is, is die gebed vir die Vader aangenaam. 'n Mens kan in jou slaapkamer op jou knieë staan of in die hospitaal op jou rug lê en bid en as die gebed in die Naam van die Seun tot die Vader gerig is, word daardie gebed verhoor.

Die gebed "deur die Gees en in waarhied" het groot krag. Die apostel Jakobus sê in Jakobus 5:16: "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Ons dink aan die gebed van Moses (Deut 32) toe die Here besluit het dat Hy Israel gaan verteer. Moses het vir die volk voorbid-

ding gedoen en God het Israel gespaar. Ons dink ook aan Elia se gebede (1 Kon 17 en 18), aan Hiskia (2 Kon 20) en aan Petrus by die Mooi-poort waar hy gebid het vir die verlamde man en die man het onmiddellik op sy voete gekom (Hand 3: 1–7).

Ek wil hierdie hoofstuk afsluit met die woorde van prof JI de Wet in *Bybelkunde standerd 10* (p 171/2): "As ons nou sê dat 'n mens in die Heilige Gees en in waarheid moet bid, dan sê ons eintlik niks anders daarmee as net dat ons gebede eers dan reg en opreg is as ons deur die Gees in die Naam van die Seun met die Vader praat. As ons dit sê, dan sê ons eintlik presies dieselfde as: Ware gebed is eers moontlik as ons werklik in die God wat die Bybel aan ons bekend maak, glo. Die Here God skenk sy weldade en sy Heilige Gees aan dié wat Hom onophoudelik daarvoor bid en dank. Daarom is ons gebed ook altyd gebed om die Heilige Gees ... Daarom kan die Christelike gebed nooit anders wees as 'n voortdurende bede om die leiding van die Heilige Gees."

Die inhoud van die gebed

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat die plek van aanbidding nie die belangrikste is nie, maar die gesteldheid van die hart. Wanneer ons bid, vra die Here nie of ons in die kerkgebou aanbid het of in 'n boom gesit het nie, maar Hy vra of ons deur die Gees en in waarheid aanbid het. Die Here kyk nie in die eerste plek of ons op ons knieë gestaan het of op ons rug gelê en bid het nie, maar of die gebed uit 'n hart kom wat vol opregtheid is.

In hierdie hoofstuk gaan ons praat oor die inhoud van ons gebed. Die vraag is dus: Waarvoor moet en mag ons bid? Vir 'n antwoord gaan ons nou, net soos die ander kere, ook na die Bybel, want die Bybel sê nie net dat en hoe ons moet bid nie, maar hy sê ook baie duidelik waarvoor ons moet bid. So lees ons in Filippense 4:6: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend." In Matteus 6:8 sê Jesus: "... julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra." Die Spreuke-digter sê in hoofstuk 30:8: "Gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is." In Jakobus 5:15 staan: "En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring," en die *Heidelbergse Kategismus* vat dit alles baie goed saam as hy in die antwoord op vraag 118 sê dat ons "vir die voorsiening in alle geestelike en liggaamlike nooddruf" moet bid. Daarmee sê die *Kategismus* dat ons vir alles mag en moet bid wat vir die welsyn van siel en liggaam nodig is.

Die vraag is: Wat beteken die woord "nooddruf" en wat hou die woorde "wat nodig is" in? Die woord nooddruf beteken behoefte, ellende. Die *Kategismus* wil dus sê dat ons vir alles waaraan ons na siel en liggaam werklik behoefte het, moet bid. Nou moet ons goed onthou dat daar nie net nood is as ons liggaamlike lewe en stoflike besittings bedreig word nie. Daar is nie net in tye van droogte en oorstromings, hongersnood en pestilensies, siekte en oorlog nood nie, maar daar is ook nood in tye van voorspoed en welvaart; gesondheid en vrede. Miskien is die nood in hierdie tye die grootste. Ongelukkig is daar vandag baie mense wat meen dat die stoflike en liggaamlike nood die grootste is. Oor die stoflike en liggaamlike nood praat die mense met mekaar en daarmee gaan hulle ook na God toe. In tye van droogtes en pestilensies word biddae uitgeroep en in tye van siekte word die predikant en ouderling ingeroep om voorbidding te doen. Dit is baie

goed dat dit gedoen word. As ons egter die stoflike en liggaamlike nood goed bekyk, word dit gou duidelik dat hierdie nood maar net die gevolg is van 'n veel erger en dieperliggende nood, naamlik die nood van die sonde. Die sondenood is die werklike nood, die ergste nood. Voordat die sonde in die wêreld gekom het, was daar nie so iets soos stoflike en liggaamlike nood, droogtes en oorstromings, hongersnood en pestilensies, siekte en oorlog nie. Toe was daar nie so iets soos ellende, siekte, lyding, trane en dood nie en toe het dit Adam en Eva aan niks ontbreek nie. Daar was geen wanklanke en disharmonie nie. Daar was volkome geluk en volkome harmonie, maar toe het die sonde in die wêreld gekom om alles te verander, want die sonde het sy hele sleepsel met hom saamgebring. Van daardie oomblik af is daar stoflike en liggaamlike nood, ellende, siekte, lyding, trane en dood en droogtes en oorstromings, hongersnood en pestilensies, siekte en oorlog. Die mensheid sal met hierdie dinge worstel totdat die sonde weer eendag uit die wêreld weggeneem word. Dit sal gebeur wanneer Christus na die aarde toe terugkom, dit wil sê met die wederkoms. Wanneer die sonde weggeneem is, sal daar geen ellende, siekte, lyding, trane en dood meer wees nie. Dat dit so is, leer Jesus baie duidelik in Markus 2:1–12. Daar word vertel van die verlamde man van Kapernaum wat deur sy vriende na Jesus gebring is. Toe Jesus sy sonde weggeneem het, het hy opgestaan, sy bed opgeneem en gestap. As die sonde wat die diepste oorsaak van alle stoflike en liggaamlike nood is, weggeneem is, sal daar geen nood meer wees nie.

Ons kan met veiligheid sê dat die geestelike nood veel erger is as die liggaamlike nood. Nou sê die *Kategismus* dat ons in alle nood, dit wil sê alle liggaamlike en geestelike nood, moet bid. Ons moet dus bid vir alles wat ons nodig het om betaamlik te lewe. En wat het ons nie alles baie nodig nie? Ons het gesondheid en welstand, kos en klere, geld en goed, insig en verstand nodig. Ons het so baie nodig om ons plek in die samelewing vol te staan en om ons dagtaak goed te verrig. Ons het vergewing van sondes en vernuwing deur die Heilige Gees nodig. Ons het genade nodig om volgens al die gebooie van God te lewe en ons moet ook bid om die ewige lewe. Vir al hierdie dinge moet ons nie net vir onsself bid nie, maar ook vir ons kinders, familie, vriende en vyande. Ons moet ook bid vir alles wat nodig is vir die koms van God se koninkryk op die aarde.

Die menslike lewe is die hoogste ontwikkelde lewe op die aarde. Die klip het iets nodig vir sy voortbestaan. Die plante en die diere het baie meer nodig, maar die mens het die meeste van al die geskape dinge

nodig. Elke gawe wat ons ontvang het, het behoefte aan onderhouding. Elke lewenskrag het die seën van die Here nodig. Liggaam en siel, huisgesin en samelewing, arbeid en staatsverband, skool en kerk; alles het behoefte aan die seën van die Here. Omdat die mens so hoog geplaas is op die lys van skepsels, is hy ook volkome van God afhanklik. Omdat die mens so baie ontvang het, daarom het hy so baie nodig.

Watter nood moet in ons gebed die voorrang geniet? Die *Heidelbergse Kategismus* plaas die geestelike nood *voor* die stoflike en liggaamlike nood. Die geestelike nood kom voor die liggaamlike omdat die siel hoër waarde het as die liggaam; die kerk is belangriker as my huis. So het Jesus ons ook in die *Onse Vader* geleer. Jesus het ons geleer om eerste te bid vir die heiliging van sy Naam; die koms van sy koninkryk en die gehoorsaamheid aan sy wil. Daarna volg ons node en behoeftes. En as dit oor ons behoeftes gaan, is daar slegs een bede waarin dit om ons stoflike nood gaan, naamlik: "Gee ons vandag ons daaglikse brood" en twee bedes waarin dit oor die geestelike nood gaan, naamlik: "En vergeef ons ons oortredinge ... en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose." Na hierdie bedes gaan dit weer om God en sy belange, naamlik: "Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid." Ook in ons gebed moet ons eers die koninkryk van God en sy wil soek in die vertroue dat al die ander nodige dinge vir ons bygevoeg sal word. Die bede om die eer van God moet heel bo in ons hart lê en dit moet ook eerste tot uiting kom. Ons gebed moet net soos die *Onse Vader* in die hemel begin, dan na die aarde toe afkom en dan weer na die hemel opgaan. Knap sê dat die gebed soos 'n hangbrug moet wees. Albei die punte moet as 't ware in die hemel vas wees en die onderste punt moet die aarde met al ons tydelike en geestelike nood raak.

Wanneer ons bid moet ons ook onthou dat God aan die gebed grense gestel het, en ons moet daardie grense nie oorskrei nie. Ons mag en moet dus net bid om die dinge wat God ons toegelaat het. Dit is 'n gemis aan geestelike teerheid om alles wat in ons hart opkom, ryp en groen, in ons gebed voor die aangesig van God neer te lê. Ons mag nie sommer alles wat in ons hart opkom, vra nie, maar ons moet altyd die inhoud van ons gebed aan die voorskrif van God se Woord gaan toets. 'n Gebed wat verder gaan as wat God ons toegelaat het, mag nie op verhoring reken nie.

Ons bid elke dag om vrede, maar ons bid om 'n vrede wat al minder versteur word. Ons bid nie om 'n steurlose vrede op die aarde nie, want dit sal eers in die volgende bedeling daar wees. Ons bid om

toenemende heiliging vir siel en liggaam, maar ons bid nie om 'n volstrekte heiligheid nie, want dit is net in die hemel. Ons bid om die volle ontplooiing van die gawes wat God aan ons gegee het, maar ons bid nie om ander gawes wat God kennelik aan ons onthou het om dit aan ander te gee nie. In ons gebed moet ons binne die gestelde grense bly. Wanneer ons oor die gebed om voorsiening in ons geestelike en liggaamlike nood praat, kom daar 'n paar sake baie sterk na vore:

- Die gebedsterrein is baie breed. Ons mag en moet om die voorsiening in alle geestelike en liggaamlike nood bid. Ons mag en moet bid vir alles wat nodig is om 'n betaamlike lewe in stand te hou. Dit sluit ons hele lewe in. Ons moet en mag nie net bid om die dinge wat ons in ons persoonlike lewe nodig het nie, maar ons moet ook bid vir die dinge wat ons gesin, ons vriende en vyande, ons kerk en land en die wêreld nodig het. Die ware bidder is nooit "ek-gerig" nie, maar altyd "ons-gerig", hy is nie 'n egoïs nie.

- In die gebed is daar 'n bepaalde volgorde. Die geestelike nood kom altyd voor die liggaamlike, die ewige voor die tydelike. Die koninkryk van God is belangriker as die Republiek van Suid-Afrika: die kerk is belangriker as my huis, daarom moet dit altyd eerste gaan om die heiliging van sy Naam; die koms van sy koninkryk; die gehoorsaamheid aan sy wil. Daarna gaan dit om die vergewing van ons sondes en die bewaring van die Bose en daarna om ons tydelike en liggaamlike nood.

- Die gebed om voorsiening in ons geestelike nood mag ons onvoorwaardelik tot God rig. Wanneer ons bid om die vernuwing deur die Gees; die vermeerdering van ons geloof; die vergewing van ons sondes en die ewige lewe, is daar geen voorwaardes nie. Wanneer ons egter bid om kos en klere, geld en goed, gesondheid en welstand, voorspoed en aardse geluk, is daar wel 'n voorwaarde, naamlik: "laat U wil geskied". So het Jesus ons in Getsemane geleer. Toe die skuld en die sonde van die ganse mensheid op sy twee skouers neergekom het, het Hy gebid: "My Vader, as dit moontlik is laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." Dit is asof Hy sê: Vader hierdie werk wat U nou vir My gee, is te swaar. Ek sien nie daarvoor kans nie. Is dit nie moontlik dat die verlossingsweg in 'n ander rigting gaan as oor Golgota se kruis nie? As dit moontlik is, spaar My tog die lyding en smarte, maar as U sê dat die verlossingsweg oor Golgota se

hoogte moet gaan, dan doen Ek dit – gee dan tog net vir My alles wat nodig is om daardie swaar werk te doen! Ons gebed om voorsiening in ons stoflike en liggaamlike behoeftes moet altyd in die teken staan van: "Nie soos ons wil nie, maar soos U wil."

- In ons gebed moet dit altyd duidelik wees dat ons God erken as die enigste Besitter en Gewer van alle goeie dinge. Al die gesondheid en welstand, al die geld en goed en alles wat ons in ons lewens nodig het, is God se eiendom. Nou vra ons dat Hy van die baie wat Hy het aan ons 'n bietjie sal gee, sodat ons die werk wat Hy ons opgedra het so kan doen dat ons sy Vaderhart bly en gelukkig kan maak.
- In die gebed het ons 'n heerlike voorreg. Ons kry die geleentheid om ons hart voor God uit te stort en om ook na Hom te luister. En kan ons hart nie soms so vreeslik vol wees nie! Die hart is soms so vol van trane en lyding, bekommernisse en wroeginge, smarte en pyn, en nou kry ons in die gebed die geleentheid om dit alles voor God uit te stort in die wete dat niemand iets van daardie gesprek sal weet nie. Die apostel verseker ons dat as ons waarlik bid, die Heilige Gees saambid met versugtinge wat nie onder woorde gebring kan word nie. Die apostel Johannes verseker ons dat as ons waarlik bid, ons kan weet dat God ons gebed verhoor as ons iets volgens sy wil vra.

Laat ons van hierdie voorreg gebruik maak!

Gebedsgenesing

Gebedsgenesing is 'n saak waarin die gelowiges van alle tye en van vandag ook nog besondere belangstelling toon. Watter sieke is daar wat nie graag gesond wil wees nie? Waar is daar 'n ouer wat nie bereid is om groot moeites, opofferinge en onkostes te maak om sy siek kind gesond te kry nie? Daar is nooit groter vreugde as wanneer al die lede van ons gesin gesond is nie. Daarom is dit begryplik dat hierdie saak soveel belangstelling geniet. Dit verbaas ons dan ook nie dat die spreekkamers van die dokters byna altyd vol is nie; dat mense vandag hulle toevlug selfs tot sogenaamde gesondbidders neem en dat ons van tyd tot tyd plakkate sien waarop ons uitgenooi word om ons siekes na 'n genesingsdiens te bring.

Oor hierdie saak van gebedsgenesing kan daar baie vrae gestel word. Vrae soos die volgende: Waar kom die siekte vandaan? Is die siekte die gevolg van 'n bepaalde sonde wat die sieke gedoen het? Wil God alle siektes genees? Kan ons vir liggaamlike genesing en gesondheid net so op Christus vertrou soos ons vir die vergewing van sondes op Hom vertrou? Praat die Bybel goedkeurend of afkeurend oor die dokters en medisyne? In wie se mag lê dit om uiteindelik genesing te skenk of te weerhou? Dit is almal baie belangrike vrae.

As ons oor gebedsgenesing wil praat, is die eerste vraag waarop ons 'n duidelike antwoord moet hê: Is daar in die Bybel 'n uitdruklike opdrag om vir die siekes te bid? Ons antwoord bevestigend. Daar is, byvoorbeeld Jakobus 5:14: "As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here." Ons dink ook aan Markus 16:17–18. In vers 16 lees ons dat Jesus aan sy dissipels opdrag gegee het om die wêreld in te gaan, die evangelie aan die ganse mensdom te verkondig en elkeen wat glo te doop, en vir elkeen wat glo sal onder andere hierdie tekens volg: "Op siekes sal hulle die hande lê en hulle sal gesond word." In 1 Korintiërs 12:9 lees ons dat aan party gelowiges die gawe van gesondmaking gegee sal word. Net soos Jesus self uitgegaan het om die evangelie van die koninkryk te verkondig en daarby ook elke siekte en elke kwaal onder die volk te genees (Matt 4:23), net so het Jesus sy dissipels die wêreld ingestuur om die evangelie van die koninkryk te verkondig, vir die siekes voorbidding te doen en hulle te genees. Jesus het aan die apostels selfs die mag gegee om onreine geeste uit te dryf en om siekes

gesond te maak (Matt 10:1, vgl 10:7 en 8; Mark 6:7; Luk 9:1–2). Prediking en genesing gaan hand aan hand (vgl Mark 6:13; Luk 9:6; Hand 3:1–16; 5:12–16; 8:5–8; 9:32–35; 14:8–10; 28:8 en 9), Tabita (Hand 9:36-42) en Eutigus (Hand 20:7-12) word selfs uit die dood opgewek.

Op grond van bogenoemde gegewens gee die kerk besondere aandag aan die bearbeiding van en die voorbidding vir die siekes. In verskillende van die groot sentra het die kerk reeds voltydse hospitaalpredikante aangestel. Luister maar net hoe daar in byna elke erediens, by geleentheid van siekebesoek en huisbesoek vir die siekes gebid word. In die beroepsbrief wat 'n predikant by aanname moet onderteken, word die voorbidding vir siekes spesifiek genoem.

Ons kan sê dat daar in die Bybel etlike direkte en baie indirekte opdragte vir voorbidding vir die siekes voorkom.

Die volgende vraag wat vir ons bespreking belangrik is, is: Waar kom die siekte vandaan? Dit moet tog êrens vandaan kom. Die sogenaamde gesondbidders sê dat die siekte van die duiwel kom. Aan hulle wil ons sê dat dit verkeerd is. Hierdie standpunt is in stryd met die getuienis van die Bybel. Ons wil die volgende uitspraak van S P van der Walt in *Dwaling en waarheid* (p 115/6) heelhartiglik onderskryf: "As demone daarvoor (vir die siekte) verantwoordelik moet wees, sal ons duiwelbeswering moet toepas. Indien demoniese magte siekte bring, sou ons juis God se almag prysgee, sou ons juis die triomf van die Satan moet erken. Ons sou inderdaad moes vra: as God dan die Satan en sy demone nie kan belet om hul duiwelarbeid te verrig nie, welke hoop het ons dan dat God met welslae sou kan ingryp om siektes te genees! Ons posisie sou grens aan die wanhopige, as ons hierop nie 'n duidelike antwoord kry nie ... Dan bring hierdie belydenis mee dat God gelaster word, omdat Satan dan oorwin, die almagtige word." Nee, die siekte kom nie van die Satan nie.

Is dit dan God wat die mense siek maak? Nee, as ons so sê, dan maak ons God die oorsprong van die kwaad, en dit is verkeerd. Die Bybel leer nêrens dat die siekte en dood sonder meer van God kom nie. Veeleer vind ons in die Bybel 'n voortdurende stryd en verset teen siekte en dood. Kyk hoe het Jesus Hom teen die siektes verset! Kyk ook hoeveel tyd, kragte en geld die mensdom in sy stryd teen siekte en dood bestee. As die siekte van God kom, sou die mensdom in opstand teen God verkeer as hy siekte en dood bestry.

Is die siekte dan die gevolg van een of ander sonde wat die sieke gedoen het? Daar is mense wat so dink. Job se vriende het ook so gedink en Jesus se dissipels het by geleentheid ook so gedink. Toe

Jesus die man wat blindgebore is, sien, vra sy dissipels: "Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?" Daarop het Jesus geantwoord: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien kan word." Daarmee het Jesus duidelik gesê dat die man se blindheid nie die gevolg is van 'n bepaalde sonde wat hy gedoen het nie. Daar kan natuurlik sulke gevalle wees, maar dit is nie altyd so nie. In die Bybel word baie gevalle genoem waar die siekte nie die gevolg van 'n bepaalde, begane sonde is nie, soos die siekte en ongesteldheid van Daniël (Dan 8:27), Epafroditus (Filip 2:27) en Timoteus (1 Tim 5:23). 'n Bepaalde siekte kan dikwels 'n oorsaak hê wat niks met 'n bepaalde sonde te doen het nie, byvoorbeeld wanneer daar 'n epidemie uitbreek en baie mense siek word en sterf. 'n Gelowige kan dus siek wees sonder om hom te kwel oor 'n bepaalde sonde wat hy gedoen het.

Maar waar kom die siekte dan vandaan en waar lê die oorsprong van die siekte? Dit is die gevolg van die sondeval, van die versteuring van die goeie orde tussen die mens en God. Daardie goeie orde is in die paradys versteur toe die mens teen God se uitdruklike bevel in gehandel het. Solank die orde tussen die mens en God goed was, was daar nie so iets soos ellende, siekte, lyding, trane en dood nie. Toe die goeie orde egter versteur is, het siekte, lyding, trane, ellende en dood sy verskyning gemaak. So sal dit wees totdat daardie orde herstel is, dit wil sê totdat die sonde uit die skepping weggeneem word. Dit beteken dat die mensdom gedurende hierdie hele bedeling waarin ons nou lewe met die gevolge van die sonde te doen sal hê.

Nou is dit waar dat Christus gekom het om die orde tussen die mens en God weer te herstel. Hy het dit ook gedoen en in beginsel is die orde reeds herstel, maar dit is nog nie volle werklikheid nie. Dit sal eers in die volgende bedeling volle werklikheid wees.

Die volgende belangrike vraag is: Wil God alle siektes genees? Baie van die sogenaamde gesondbidders antwoord bevestigend. Hulle redeneer dan soos volg: Die sonde kom van die duiwel en nou het Christus gekom om die werke van die duiwel te verbreek en daarom is dit vanselfsprekend dat Hy ook alle siektes sal wil vernietig. Aan hulle sê ons dat hulle redenasie verkeerd is. Die Bybel en die ervaring bevestig dat hulle verkeerd is. In Betesda het Jesus net die agt-en-dertigjarige sieke gesondgemaak en die ander in hulle ellende laat bly. Paulus het baie gebid om die verwydering van die doring uit sy vlees en sy

geloofsgenote het seker ook baie vir hom gebid en tog is die doring nie verwyder nie.

Die Bybel weet van gevalle waar daar vir die gelowige bidder onmiddellike genesing gekom het. Ons dink aan Bartimeus (Mark 10:52), die vrou wat twaalf jaar aan bloedvloeiing gely het (Mark 5:34) en die twee blindes wat genees is (Matt 9:27-31). Daar is ook gevalle van genesing op die gebed van die bidder, maar van die siekes weet ons niks, omdat hulle toe reeds dood was. Ons dink aan die opwekking van die dogtertjie van die Joodse raadslid (Matt 8:25) en aan die genesing van die slaaf van die offisier (Matt 8:13).

Ons weet ook van mense wat genees is, wat glad nie geglo het nie. Hier dink ons aan die tien melaatses (Luk 17:11–19), die ongeëvangeliseerde skares wat na Jesus gekom het vir genesing (Matt 4:24; 15:30; Mark 1:32-34) en die genesing van Malgus (Luk 22:51). Ons weet egter ook van baie gelowige bidders wat nie genees is nie. Daar is Paulus wat aan ander die wondermag tot genesing bewys het (die kreupelgeborene te Listra, Hand 14:8–10) en die opwekking van Eutigus (Hand 20:9–10), maar self swaar gely het (Gal 4:13). Hy het self baie gebid om die wegneming van die doring uit sy vlees (2 Kor 12:7–10) en baie gelowiges het ook vir hom gebid, maar hy is nie genees nie. Ons lees ook dat hy vir Trofimus in Milete siek moes agterlaat, nieteenstaande die feit dat daar baie vir hom gebid is (2 Tim 4:20). Ons weet ook van Timoteus vir wie Paulus gesê het dat hy 'n bietjie wyn vir sy maag moes drink (1 Tim 5:23). Hier dink ons ook aan Job wat swaar gely het totdat God se doel met sy siekte bereik is. Ons weet ook van baie gelowiges in ons tyd wat baie en ernstig gepleit het om genesing, maar dit nie gekry het nie.

Wanneer ons vir ons siekes voorbidding doen en wanneer hulle vir hulleself bid om genesing, moet daar altyd onthou word dat die gebed om genesing grense het. God het 'n voorwaarde gestel. Aan die gelowige bidder is daar heerlike beloftes gegee. In Matteus 7:7 sê Jesus: "Bid en vir julle sal gegee word." In Johannes 16:23 staan: "Dit verseker ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee", en in Markus 11:24 lees ons: "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees." Ons voeg hier ook Jakobus 5:15 by: "En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring." Maar al hierdie heerlike beloftes word nader omskrywe en begrens deurdat die verhoring afhanklik gemaak is van "as ons enigiets volgens sy wil vra" (1 Joh 5:14). Dit het Jesus vir ons geleer toe Hy in Getsemane gebid het: "Vader, as U wil, neem tog hierdie

lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar U wil geskied" (Luk 22:42). En God se wil is dikwels vir ons verborge, dit is sý geheim. Ook met 'n beroep op sy beloftes en met inset van al ons geloof, kan niemand God dwing om die begeerde genesing te skenk nie. God is vry om hierdie persoon te genees en daardie een nie. In ons voorbidding vir die siekes moet ons hierdie grens wat God gestel het altyd eerbiedig.

Siekte het onder God se wil ook groot seën en waarde vir die sieke en dien die doel waartoe God dit bestem of toegelaat het: Daar kan 'n lieflike getuienis uitgaan van 'n sieke deur sy houding van geloof, geduld, volharding, blymoedigheid, berusting en aanvaarding van Gods weg vir hom, en deur die loutering tot meerdere heiligheid en groter vrugbaarheid in sy diens. Paulus se berusting in en aanvaarding van die genade van God wat vir hom onder alle omstandighede genoeg is, openbaar nie 'n kleiner geloof by hom as sy vurige gebed, meermale herhaal, om die verwydering van die doring in sy vlees nie.

In die skool van beproewing word lesse geleer van geloof en afhanklikheid, onderworpenheid en Godsvertroue, wat in die gesonde dae miskien nooit geleer word nie. Siekte is dikwels 'n doeltreffende middel om 'n onbekeerde siel tot die Here te trek en te bring tot skuldbelydenis en genade-aanvaarding, en om 'n heiligende uitwerking op gelowiges te hê. Waar daar nie net lydelik berus word in siekte nie, maar dit ook positief aanvaar word as die wil en die weg van God nadat tevergeefs daaroor gebid is, kan ervaar word hoe "gelowig-siekwees" waarlik tot verheerliking van God kan strek, en hoe ook siekte inbegrepe kan wees onder die "alles" wat God laat meewerk ten goede vir dié wat Hom liefhet (Rom 8:28).

Ons standpunt is dat alle genesing van God kom. Geen dokter of medisyne kan enige sukses hê as God nie sy seën daarop plaas nie. Verder glo ons dat daar gereeld vir die siekes voorbidding gedoen moet word. Ons moet nie God en die dokter, gebed en medisyne teenoor mekaar plaas nie. Wanneer ons genesing op die gebed en genesing deur die hulp van die geneesheer teenoor mekaar stel en dit dan nog tot 'n geloofsaak verhef, is ons beslis op die verkeerde pad. Die gelowige bid tot God en maak dankbaar gebruik van die hulp van die dokter en die medisyne. Net so verkeerd as wat dit is om God en die gebed verby te gaan en jou toevlug net na die dokter en die medisyne te neem, net so verkeerd is dit om die dokter en die medisyne verby te gaan en net na God en die gebed te gaan. Wie dít doen is besig om God te versoek en daarteen het Jesus ons baie duidelik gewaarsku in Mat-

teus 4:6, 7. Aan die ander kant waarsku die Bybel baie ernstig teen die verafgoding van die dokter en die medisyne. Dit was Asa se sonde (2 Kron 16). Hy het al sy vertroue op die geneeshere en die medisyne gestel, maar hy het nie gesond geword nie. Ons standpunt is dus: God en die dokter; gebed en medisyne.

Die persoonlike, gemeenskaplike en formuliergebed

Die Christen is 'n verloste mens. Hy is 'n vrygekoopte mens. Jesus Christus het hom vrygemaak en so 'n mens is waarlik vry. Dit beteken nie dat die Christen kan doen wat hy wil nie. Christelike vryheid moet nie met losbandigheid verwar word nie. Nee, die Christen is vry soos 'n vis in die water vry is. Solank die vis in die water bly, is hy vry om te swem waar hy wil, maar as hy uit die water gehaal word en op die droë grond neergesit word, kan hy nie wegkom nie. Ons kan sê dat hy dan gebonde is. So is die vryheid waarin die Christen staan ook. Solank hy in Christus bly, is hy vry, maar wanneer hy met Christus breek, met sy rug na Christus toe lewe, is hy nie meer vry nie.

Die Christen is dus 'n mens wat uit die gebied waar die sonde en die dood alles beheer, uitgehaal is en oorgeplaas is in 'n gebied waar Christus alles beheer. Voor hy gelowig geword het, was hy 'n slaaf van die sonde, maar noudat hy deur Christus vrygemaak is, is hy 'n kind van God. Tóé was hy 'n vyand van God, maar nou is hy 'n vriend van God. Tóé het hy van God af weg gelewe, maar nou lewe hy na God toe terug.

Dit is dus vanselfsprekend dat die Christen se lewe anders sal wees as die lewe van die ongelowige, omdat die inhoud van sy hart anders is. Die ongelowige se hart is vol haat, terwyl die Christen se hart vol liefde vir God en die naaste is. Die heiden bewandel 'n pad wat op die verderf moet uitloop, terwyl die Christen op 'n pad loop wat op die hemel moet uitloop. Die ongelowige doen die dinge waarmee hy die Christus seermaak en teleurstel, terwyl die Christen die dinge doen waarmee hy Christus bly en gelukkig maak en sy eer verhoog.

Die Christen is 'n godsdienstige mens. Dit kan duidelik aan sy doen en late gesien word. Hy leef sy diepste sielsoortuigings uit.

Nou het die Christelike godsdiens 'n tweërlei karakter, naamlik 'n privaat en 'n openbare karakter.

Met die privaat karakter van die Christelike godsdiens bedoel ons dat elke gelowige, ook wanneer hy nie saam met die gemeente in die erediens verkeer nie, nog die Here moet dien, nie net op Sondag nie, maar elke dag van die week. Hy moet die Here nie net in die kerkgebou dien nie, maar oral waar hy gaan of staan. Die Christen moet ook daar waar hy vakansie hou, sy sport beoefen, sy besigheid doen en sy

politiek bedryf, soos 'n Christen optree. Hy kan nie net Sondag 'n Christen wees en gedurende die week soos 'n wêreldling handel nie. Hy kan sy Christenskap nie soos sy baadjie aantrek, dit netnou uittrek en eenkant neersit solank hy in die modder van die sonde rondkruip, om dit later weer aan te trek en verder te lewe nie. Die Christen laat hom op elke plek en elke dag deur Christus voorskryf. Tereg sê prof JI de Wet in *Bybelkunde standerd 10:* "Ook van hierdie deel van die godsdiens, was die gebed altyd en moet die gebed altyd 'n vaste bestanddeel bly." Die Christen se lewe staan altyd in die teken van die gebed. Sy lewe kan 'n gebedslewe genoem word: Die Christen kan nie sonder die gebed klaarkom nie.

Jesus beklemtoon hierdie privaat karakter van die Christelike godsdiens as hy in Matteus 6:6 sê: "... as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon." Van Jesus lees ons in Lukas 3:21: "Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal." Lukas 22:42 sê van Jesus: "Daarna het Hy neergekniel en gebid: Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" Hier pleit Jesus om krag en genade om die moeilike werk (verlossingswerk) wat Hom opgelê is, te volbring. Hier bring Jesus sy persoonlike nood en angs voor die aangesig van sy Vader. Ons dink ook aan die persoonlike gebede van die twee blindes wat Jesus gevolg het en aanhoudend geskreeu het: "Ontferm U tog oor ons, Seun van Dawid!" (Matt 9:27), aan die vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het en haar toevlug tot Jesus geneem het (Matt 9:21), en aan die hulpgeroep van die man van Betesda wat agt-en-dertig jaar lank siek was (Joh 5:7).

Die privaat gebed het ook 'n besonder belangrike plek in die lewens van Abraham, Dawid, Salomo, Esra en Nehemia ingeneem. Die gelowige kan nie sonder die gebed klaarkom nie.

In die privaat gebed stort die gelowige die hele inhoud van sy hart voor God uit. Die hart is soms vol trane en lyding, bekommernis en smart, wroeging en pyn, angs en benoudheid en nou kry hy in die gebed die geleentheid om daardie hele inhoud voor die aangesig van sy Vader neer te lê in die wete dat hy nie sommer in die lug praat nie, maar dat sy Vader wat hom liefhet, intens in hom belangstel, die allerbeste vir hom beoog en na hom luister. Hy weet dat sy Vader hom sal verhoor. "Is daar 'n vader onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis

vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer!" (Luk 11: 11–13).

Die bidder lê die las wat swaar op hom druk in sy Vader se hand en sy Vader neem dit weg. Hy fluister sy verdriet in die oor van sy Vader en sy Vader gee vertroosting. Hy stort sy brandende trane op die voete van sy Vader uit en sy Vader vang al sy trane in sy fles op. Hy bely sy skuld en sy Vader delg dit alles uit. Hy smeek om krag en genade en sy Vader gee meer as wat hy gevra het.

Die Christelike godsdiens het ook 'n openbare karakter, en daarmee bedoel ons dat die gelowiges op Sondag in die erediens saamkom. Dit is die gemeente, dit wil sê die volk van die Here wat in die erediens vergader. Dit is dus nie maar net 'n aantal persone nie, maar die lede van die liggaam van Christus. Hulle het nie maar saamgekom om na 'n voordrag of 'n bespreking oor 'n bepaalde onderwerp te luister nie, om net na die uitleg van die Skrif of na 'n aantal vermaninge te luister nie. Hulle het daar vergader omdat die Here hulle geroep het; omdat hulle die behoeftes in die hart het om aan God die dank en aanbidding van hulle harte te bring en omdat hulle deur besprekinge en onderlinge mededelinge mekaar se geloofslewens wil voed en versterk. En van die vroegste tye af was die gemeenskaplike gebed 'n belangrike onderdeel van hierdie samekomste. In Handelinge 1:14 staan: "Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed ..." en in Handelinge 2:42 lees ons: "Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltye en die gebede." Dit is die rede waarom die skrywer van die Hebreërbrief die gelowiges oproep om nie van die samekomste van die gemeente af weg te bly nie soos party se gewoonte is. Die gemeenskaplike gebed is so belangrik dat die eredienste al dikwels aangedui is as "die diens van die gebede."

In die erediens kan elke persoon nie sy eie gebed bid nie. Dit sou wanordelikheid veroorsaak en daarom kry die gemeente vir hom 'n voorbidder. Die voorbidder se taak is om die node en behoeftes, die lofprysing en die danksegging van die gemeente namens die gemeente onder woorde te bring, terwyl die gemeente saggies saam bid en so word die hele vergadering 'n biddende vergadering.

Nou is dit ongelukkig so dat almal wat in die erediens saamgekom het nie altyd saam bid nie. Party se liggame neem maar net 'n biddende houding in: ander se gedagtes vlieg onder die gebed soos 'n voël oor die hele wêreld rond, terwyl ander met ander gedagtes besig is. Dit is

jammer, want die gemeenskaplike gebed is baie belangrik. Die mens wat nie oortuig is van die krag en geseënde uitwerking van die gemeenskaplike gebed nie, moet hoor wat 'n werknemer eenkeer aan sy werkgewer hieroor gesê het. Die werknemers het die gewoonte gehad om altyd saam te bid. Op 'n sekere aand vra die werkgewer aan die werknemers wat rondom die vuur sit, waarom hulle so graag saam bid en toe antwoord een van die werknemers: "Meneer, vat elkeen van hierdie kole en sit hom apart neer en dan sal jy sien hoe gou dit verdof en of jy ooit sal warm word, maar kyk wat 'n helder vuur is daar en voel hoeveel hitte gee dit as al die kole saam gloei." Dit is ook waar van die gemeenskaplike gebed.

In die erediens word daar ook gebruik gemaak van formuliergebede. 'n Formuliergebed is 'n gebed wat die kerk of 'n persoon vir homself uitgeskryf het om dit by sekere geleenthede te gebruik. Sulke voorgeskrewe gebede vind ons onder andere in die doop, nagmaal en huwelikformuliere. Ons kan die eerste gebedjie wat ons aan moedersknie geleer het ook 'n formuliergebed noem en in 'n sekere sin kan ons die *Onse Vader* ook 'n formuliergebed noem. So is daar ook baie gebede in ons Psalm- en Gesangboek wat die gemeente singend bid.

Hoeveel het hierdie formuliergebede nie in die verlede vir die gelowiges beteken nie! Toe die martelare na die brandstapels gelei is het hulle Gesang 2 (ou Gesangboek) gesing: die Voortrekkers het op 9 Desember 1838 te Danskraal Psalm 38:13 en 17 singend gebid en in oomblikke van bittere lyding, sing die gelowiges nog graag van die liedere wat in die Psalm- en Gesangboek staan.

Ons moet die waarde van die formuliergebede nie onderskat nie.

Hoor God ons gebede?

Uit die besprekinge wat ons tot hiertoe oor die gebed gevoer het, het dit duidelik geblyk dat daar tussen die bidder en God 'n bepaalde relasie of verhouding moet wees. Daar moet 'n band wees wat die bidder en God aan mekaar bind en hierdie band is die geloof. Die bidder moet werklik in God glo. 'n Ongelowige mens kan nie waarlik bid nie. Die bidder moet God werklik vertrou, op sy woord neem, hom onvoorwaardelik in die hande van God neerlê en dan aan homself sê: Uit hierdie twee hande kan niks en niemand my uitruk nie. In hierdie twee hande is ek veilig.

Tweedens moet die bidder ook daarvan oortuig wees dat God hom liefhet, in hom belangstel en die allerbeste dinge vir hom beoog. Hierdie liefde en belangstelling van God blyk duidelik daaruit dat God sy enigste Seun van sy Vaderbors losgeskeur het, Hom in die wêreld gestuur het, Hom in die hande van sondaars oorgegee het en Hom aan die kruis daardie smadelike en veragtelike dood laat sterwe het. In Johannes 3:16 lees ons: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." En omdat God die God van liefde is, weet die gelowige bidder dat hy sy toevlug na God mag neem; dat hy die hele inhoud van sy hart voor God mag uitstort; dat hy die swaar las wat op sy skouers rus in die hande van God mag neerlê: dat hy sy skuld voor God mag bely en dat hy krag en genade by God mag soek. Hy weet ook dat die Here hom nie teleurgesteld sal laat omdraai nie. Hy weet mos dat dié Jesus wat eenmaal gebid het dat Petrus se geloof nie moet ophou nie, nog lewe, nog by diegene is wat aan Hom behoort en ook nog in sy volgelinge belangstel. Hy weet dat hierdie Jesus die offer gebring het wat genoeg is om al die skuld en sonde van die ganse mensdom weg te neem. Laat ons dan al ons begeertes en vrese aan ons hemelse Vader bekend maak – ook al ons dankbaarheid en liefde, want dit maak die Vader se hart nie gelukkig as sy kind net na Hom kom wanneer hy iets nodig het nie, maar sy liefdesbetuiginge terughou. Verwaarlosing van die liefde is 'n vreeslike sonde.

In die antwoord op vraag 117 sê die *Heidelbergse Kategismus* dat ons ons nood en ellende grondig moet ken. Ons moet dus goed weet wat ons liggaamlike en geestelike nood is. Ons moet tot in die fynste besonderhede weet wat ons kwaal is om die regte medisyne van die geneesheer te vra. Iemand wat sy sonde nie grondig ken nie, kan nie

waarlik om genade bid nie. Hy wat nie weet wat dit is om blind te wees nie, kan nie waarlik om lig pleit nie; iemand wat nie sy totale onmag ken nie, kan nie waarlik om krag bid nie en hy wat nie sy eie behoeftes ken nie, kan nie werklik om vervulling smeek nie. Grondige kennis van ons nood en ellende is dus noodsaaklik. Grondige selfkennis lei tot 'n vurige gebed.

Die mens wat sy nood en ellende, sondes en behoeftes, swakheid en onmag ken, sal homself in die gebed nie probeer regverdig nie en ook nie probeer om allerlei verskonings aan te bied nie, maar hy sal doen soos die verlore seun gedoen het. Toe die skille van die verlore seun se oë afgeval het en hy iets raakgesien het van die ware karakter van sy sonde en besef het dat hy totaal verlore is, het hy gesê: "Ek sal dadelik na my pa teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen pa gesondig. Ek is nie meer werd om pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van pa se dagloners" (Luk 15:18, 19). Ons moet onthou dat ons God nie kan bedrieg nie. Die Here ken ons tot op die bodem van ons harte (2 Kron 28:9). As dit soms lyk asof ons gebed God nie bereik nie, nie hoër styg as die plafon van ons huis nie, moet ons nie moedeloos word nie, maar kyk of daar nie miskien een of ander beletsel is nie. In Matteus 5:23–24 sê Jesus: "As jy dus jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe. " 'n Mens kan nie bid as die hart vol haat is nie.

Dikwels lyk dit asof alles by ons reg is, die gesteldheid van die hart reg is en tog voel dit vir ons asof God ons nie hoor nie en asof God 'n ongevoelige, swygende rots is. Dan moet ons nog nie moedeloos word nie. Moet dan nie probeer om jou gevoel te forseer totdat jy, soos jy meen, 'n antwoord van God kry nie, maar wag, wag op die Here; wees dan maar net stil tot God. Moet egter nie ophou om te bid nie. Toe Jesus in Getsemane oomblikke van totale godverlatenheid beleef het, het Hy nie opgehou om te bid nie, maar met nog groter inspanning gebid (Luk 22:44). As ons oomblikke van groot twyfel, aanvegting en godverlatenheid beleef, moet ons doen soos Jesus ons geleer het. Toe die seun wat epileptiese aanvalle gekry het na die gebede van die dissipels nie gesond geword het nie, het Jesus aan hulle gesê: "Hierdie soort goed (demone) kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie" (Mark 9:29). Jesus beklemtoon dieselfde gedagte as Hy in Markus 2:19, 20 sê: "Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan

hulle nie vas nie. Maar daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word. Dan, op daardie dag, sal hulle vas." So het die dissipels ook altyd gebid en gevas, dit wil sê hulle siele onder tug geplaas, voordat hulle belangrike beslissings moes maak (Hand 13:2; 3:14, 23).

In 'n vorige hoofstuk het ons reeds gesê dat dit by die ware bidder nie in die eerste plek om homself, om sy persoonlike veiligheid, geluk en redding gaan nie, maar om die verheerliking van God. In die ware gebed gaan dit nie daarom dat die bidder se wil en wense sal geskied nie, maar dat God se wil altyd en onder alle omstandighede sal geskied – of hy ook al daarby lewe of sterwe. Lewe hy, dan is dit om nog iets vir die uitbreiding van God se koninkryk te doen en die naaste te stig en sterwe hy, neem hy sy hemelse erfenis in ontvangs. Die belangrike is nie hoe lank 'n mens lewe nie, maar of sy verhouding tot Christus reg is.

Wanneer ons bid moet ons ook nie altyd in die algemeen bly nie, maar moet ons op die man af kom. Ons moet die sonde by die naam noem en weet watter skuld ons voor God wil bely en vir watter mense ons wil bid. So het Abraham gedoen toe hy by God gepleit het dat Lot en sy familie nie saam met die inwoners van Sodom en Gomorra moet sterf nie (Gen 18:23–32); Moses bid vir die dansende Israel: "Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het" (Eks 32:32). Ons dink ook aan 1 Samuel 12:23 waar Samuel sê: "... dit is ver van my dat ek teen die HERE sou sondig, dat ek sou ophou om vir julle te bid." Toe Petrus in die tronk gesit het, het die gemeente aanhoudend vir hom gebid (Hand 12:5), en Paulus het voortdurend voorbidding gedoen vir die gemeentes wat aan sy sorg toevertrou was (Kol 1:3, 9). So het hulle gebid omdat hulle geglo het dat God hulle gebede sal verhoor en op die regte tyd uitkoms sal gee.

Ons mag daarvan seker wees dat God na elke ware gebed van sy kinders luister. Jesus het ons geleer dat Hy die ware Hoëpriester is wat vir sy volgelinge bid en die goeie Herder wat sy kudde elke dag na die groen weivelde en na die helder waterstroompies lei. Iemand vertel van 'n sekere predikant wat elke aand vir twintig van sy lidmate voorbidding gedoen het. Die volgende aand het hy weer vir twintig ander gebid en so het hy aangehou totdat hy vir almal voorbidding gedoen het. Elke keer het hy die mense vir wie hy voorbidding doen, by name genoem.

Ons moet ook onthou dat ons gebed grense het, dit wil sê daar kom

'n oomblik wanneer die Here nie meer luister nie. Van sulke gebede lees ons in Jeremia 7:16: "En jy, bid nie vir hierdie volk nie en hef vir hulle geen smeking of gebed op nie en dring by My nie aan nie, want Ek sal na jou nie luister nie." (Vergelyk ook Jer 11:14; 14:11). Dieselfde sê Jesus van die gebed van die mense wat in openlike vyandskap teen die Heilige Gees lewe. "Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal dié mense nie vergewe word nie". As iemand iets teen die Seun van die mens sê, kan dit vergewe word; maar as iemand iets teen dié Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie. Hoe vreeslik moet die skuld van 'n mens, 'n kerk, 'n volk wees, as God die dag weier om na hulle gebede te luister?

Wanneer die liefde van God die grens bereik het, beteken dit nie dat die liefde van God nou opgehou het nie, of dat God se liefde nou in haat verander het nie. Nee, die liefde is onveranderlik. Die gedagte is hier net dat die mens in sy volkome godverlatenheid, miskien sal skrik vir sy houding teenoor God en hom bekeer. Dit het met die moordenaar aan die kruis gebeur. Dit het met Augustinus gebeur en kan vandag nog met elke verharde sondaar gebeur.

Gebedsverhoring

Toe ons begin het om oor die gebed te praat, het ons gesê dat die gebed 'n gesprek is tussen die bidder en God. Hierdie gesprek is egter nie 'n eenrigting-gesprek nie, dit wil sê dit is nie net die bidder wat aan die woord is en God wat luister nie. Om te bid beteken nie om vir die Here te sê: Here, luister, U kind of U dienskneg wil nou met U praat nie. Nee, die gebed is 'n tweerigting-gesprek, dit wil sê die bidder praat en God luister en God praat en die bidder luister. Miskien moet ons die volgorde liewer omdraai en sê: God praat en die bidder luister en die bidder praat en God luister. Hierdie volgorde is beter, want geen mens kan met God praat as God nie eers met hom gepraat het nie. Die gebed is dus altyd die reaksie van die mens, sy antwoord op die spreke van God.

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat God na die gebed van die gelowige luister. God hoor dus wanneer die gelowige uit die dieptes van sy ellende tot Hom roep, en vanaf die hoogtes van geluk en verblyding sy danklied aanhef en sy liefde betuig.

In hierdie hoofstuk gaan ons praat oor gebedsverhoring en dus oor die antwoord van God op die geroep van die bidder.

Die eerste vraag wat hier na vore kom is: Wat verstaan die gelowige onder gebedsverhoring? Is daar werklik so iets of is gebedsverhoring maar net 'n psigologiese verandering wat in die bidder plaasgevind het, sodat hy na die gebed, sy moeilikheid en probleme meer tevrede en rustiger dra? Dit seker ook, maar dit is nie al nie. Gebedsverhoring omvat veel meer as dit. Onder gebedsverhoring verstaan die gelowige dat God die bepaalde gebeurtenisse waarin die bidder hom bevind wanneer hy bid, 'n ander loop laat neem. Dit beteken dat God die omstandighede waarin die bidder hom bevind sal verander, byvoorbeeld wanneer die volk in tye van swaar droogte bid, antwoord God deur reën te gee (1 Kon 18). As die droogte voortduur het God die gebed nie verhoor nie of wanneer ons by die siekbed van pa of ma staan en ons bid om 'n wending in die siekte en God antwoord met beterskap en algehele gesondheid, dan het God die gebed verhoor. As die siekte egter voortduur en pa of ma sterwe, dan is daardie gebed nie verhoor nie. Gebedsverhoring beteken dan dat God op die gebed van die bidder gunstig reageer, 'n gunstige antwoord gee. Ons weet egter ook van gevalle waar God nie aan ons versoeke voldoen nie, omdat hy

beter dinge aan ons wil gee as dié waarvoor ons gevra het en dan lê die verhoring in die nie-verhoring opgesluit.

As ons oor die probleem van gebedsverhoring wil praat – ek noem dit 'n probleem, want dit is vir sommige mense werklik 'n probleem – moet ons net soos in die ander gevalle, hier ook doen. Daar het ons na die Bybel gegaan en gevra: Wat sê die Bybel oor hierdie saak? Die vraag wat ons hier stel is dan: Wat leer die Bybel oor gebedsverhoring? Ons kan antwoord dat die Bybel op baie plekke van gebedsverhoring praat. So lees ons dat Jesus volgens Matteus 7:7 hierdie kragtige versekering aan die bidder gegee het: "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word." In Johannes 15:7 staan die volgende versekering: "As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry." Ons dink ook aan die woorde van Jakobus 5:15: "En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring." Ons kan sê dat die hele Bybel van Genesis tot Openbaring van gebedsverhoring praat. Een van die benoemingsname van die Here is juis Hoorder van die gebed (Ps 65:2). Luister maar net hoe baie die gelowiges die Here met hierdie naam aanspreek.

In die Ou Testament is daar baie voorbeelde van gebedsverhoring. Ons dink aan Genesis 18:23–32 waar Abraham pleit dat Lot en sy familie tog nie saam met die inwoners van Sodom en Gomorra moet ondergaan nie. In 1 Konings 18 word vertel hoe Elia op Karmel gepleit het dat God met vuur moet antwoord en daarna dat die vreeslike droogte beëindig moet word. In 1 Samuel 1 word vertel van die smart van die kinderlose Hanna en hoe sy gebid het om 'n kind, en in Jesaja 38 dat Jesaja aan koning Hiskia gesê het dat hy gaan sterwe en daarna het Hiskia ernstig gebid. Op al hierdie gebede het wonderlike gebedsverhoring gevolg.

Die Nuwe Testament weet ook van baie gevalle van gebedsverhoring. Ons dink maar net aan Handelinge 13:1–8. Daar word vertel dat koning Herodes vir Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring het en daarna vir Petrus in die tronk geplaas het. Die gemeente het toe aanhoudend vir Petrus gebid en die Here het 'n engel gestuur wat vir Petrus tussen die wagte deur uitgelei het. Ons dink ook aan Handelinge 9:40 waar Petrus na die gebed vir Tabita uit die dood opgewek het. Daar is ook nog die gebeure met Paulus en Silas in die tronk van Filippi.

Ons lees egter nie net van gebedsverhoring in die Bybel nie. In die

buite-Bybelse geskrifte word ook van gebedsverhoring vertel. Ons lees byvoorbeeld dat Martin Luther op 28 Junie 1540 by sy vriend Melanchton gekom het waar laasgenoemde sterwend gelê het. Sy oë was reeds gebreek, sy bewussyn verloor, die wêreldberoemde dr Stürz het reeds alle hoop op herstel laat vaar en Melanchton kon ook nie meer praat nie. Toe Luther hom sien, het hy geskrik. Luther het dadelik ernstig gebid en na die gebed het hy Melanchton se hand gevat en gesê: "Hou goeie moed, want jy sal nie sterwe nie." Kort daarna het Melanchton begin om tekens van lewe te toon.

Daar kan ook in ons tyd voorbeelde van gebedsverhoring genoem word. Wie dink hier nie aan die gebede van die Voortekkerhelde voor en tydens die slag van Bloedrivier nie? Wie sal ontken dat die oorwinning van 16 Desember 1838 die gevolg is van gebedsverhoring? Wie dink nie ook aan die vreeslike droogte van 1933 nie? Die volk het gebid en binne enkele dae het die reën op verskillende plekke in die land uitgesak. Wie sal sê hoeveel van die mense wat gedurende hierdie jaar ernstig siek was en gesond geword het, nie as gevolg van gebedsverhoring gesond geword het nie?

Ons weet egter ook van gevalle waar vrome gelowiges vurig gebid het om verandering in hulle toestand, waar daar dan geen verandering gekom het nie. Ons dink aan Moses. Hoe vurig het hy nie begeer en gebid om die beloofde land in te gaan nie, maar dit was hom nie gegun nie. Op sy gebed het God geen gunstige antwoord gegee nie, inteendeel, die Here het hom geantwoord: "Dit is nou genoeg! Moenie nog verder met My oor hierdie saak spreek nie." Dit beteken egter nie dat God Moses se gebed nie verhoor het nie. Nee, God het nie gegee wat hy gevra het nie omdat Hy aan Moses iets beters wou gee. Moses het gevra om die aardse Kanaän in te gaan, maar God het die belofte dat hy nou die hemelse Kanaän kan ingaan, waar gemaak. Dieselfde het met Paulus gebeur. Hy het vurig gebid – ook die gemeentes – om die verwydering van die doring uit sy vlees. Dit het nie gebeur nie. Dit beteken nie dat God nie sy gebed wou verhoor nie, maar God het nie gegee wat Paulus gevra het nie omdat Hy baie meer wou gee. Paulus het maar net verwydering van die doring gevra, maar God het gesê: Nee, Paulus nie so min nie! Ek wil my genade aan jou gee. So het baie gelowige bidders al ondervind dat die diepste verhoring van hulle gebed in die skynbare nie-verhoring lê.

Maar is gebedsverhoring nie in stryd met God se onveranderlikheid nie? Ons het reeds in 'n vorige hoofstuk op hierdie vraag geantwoord. Hier wil ons net met 'n beliste *nee* antwoord, want God se onverander-

likheid beteken nie dat God nie vry is nie, dat God nie kan doen wat Hy wil nie en dat God nie vasgevang is in sy eie besluite nie. God se onveranderlikheid lê in die onveranderlikheid van sy wese, liefde, trou, genade, beloftes en verhouding tot die kwaad. Daarin is God ewig onveranderlik, maar God kan sy besluite ten opsigte van die mense verander. As ons byvoorbeeld bid om vergifnis van sonde, vra ons nie dat God nou genoeë met die sonde moet neem nie, maar ons vra dat Hy die aanklagte teen ons moet uitwis omdat Christus reeds vir al ons skuld betaal het.

Is gebedsverhoring nie in stryd met die natuurwette wat God self daargestel het nie? Het dit enige sin om in tye van droogte te bid om reën? Natuurlik het dit sin! As ons glo in die starre wetmatigheid van die heelal, as ons glo in 'n blinde, onafwendbare noodlot en die natuur met God gelykstel, dan het dit geen sin om in tye van droogte te bid om reën nie. Maar die gelowige glo nie in 'n onafwendbare noodlot nie en hy stel die natuur ook nie gelyk met God nie. God is die lewende God wat kan hoor en praat, kan gee en kan terughou.

Het God dan nie alles in die ewigheid vasgestel nie? Moet alles in die tyd nie gebeur soos Hy dit in die ewigheid vasgestel het nie? Is God nie soos die argitek wat die plan van die gebou opgetrek het, alle spesifikasies noukeurig neergeskryf het, en nou net sit en kyk dat alles verloop soos Hy dit bepaal het nie? As ons glo dat God nou passief is en net sit en kyk hoe alles nou volgens voorgeskrewe reëls geskied, dan het dit byvoorbeeld nie sin om in tye van droogte te bid om reën of in tye van oorlog te bid om vrede nie. Maar nou glo ons nie so nie. Die Christene glo nie in die starre, onveranderlike God van die heidene en sommige Christelike filosowe nie, maar hulle glo in die lewende God van die Bybel. Hulle het geleer om op hierdie lewende God te vertrou en hierdie lewende God kon op die gebed van Josua (Jos 10) die son laat stilstaan; op Elia se gebed kon Hy vuur uit die hemel laat kom en die altaar aan die brand steek en op Elia se gebed kon Hy die droogte op dieselfde dag beëindig en op Hiskia se gebed het Hy nog vyftien jaar tot Hiskia se lewe toegevoeg (Jes 38).

God verhoor die gebed van sy kinders. Dit beteken egter nie dat Hy al sy kinders se versoeke toestaan nie. Geen goeie ouer staan al die versoeke van sy kind toe nie, net so gee God ook nie alles soos en wanneer ons dit vra nie. Die *Heidelbergse Kategismus* het ons geleer om die voorsiening in al ons liggaamlike en geestelike nood van God te verwag (vraag en antwoord 118). Dus, as die gelowige gebid het, is hy nie klaar nie. Na die gebed moet hy ook wag op en uitsien na die

verhoring. Elia het gebid om reën (1 Kon 18) en toe sy boodskapper gestuur om te kyk of daar al wolke is. Hy het teruggekom en gesê dat daar nog geen wolk is nie. Toe het Elia nie moedeloos geword en opgehou om te bid nie, maar het volhard in die gebed en na die sewende keer het die boodskapper gesê dat hy 'n wolkie so groot soos 'n man se hand sien. Marta en Maria het 'n boodskap na Jesus gestuur dat Lasarus siek is. Jesus het egter nie dadelik gekom nie, en toe Hy uiteindelik daar arriveer was Lasarus reeds dood en begrawe. Toe Jesus daar aankom, het Marta beskuldigend gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie" (Joh 11:21) en daarna het Jesus Lasarus uit die dood opgewek. Die Here verhoor die gebed van sy kind, maar Hy gee die uitkoms op sy tyd en dit is altyd die regte tyd.

Dikwels gebeur dit dat Hy die verhoring skenk, maar dat ons die verhoring nie raaksien nie. Toe Petrus in die tronk gesit het, het die gemeente aanhoudend vir hom gebid. God stuur die engel wat vir Petrus tussen die wagte deur uitlei. Eers toe Petrus aan die deur klop en hulle oopmaak, sien hulle dat hulle gebede verhoor is, en tog sê hulle dat dit nie Petrus is wat daar klop nie, maar sy gees (Hand 12:15). Die kloppende Petrus was die bewys dat God hulle gebede verhoor het en tog glo hulle dit nie. So gaan dit dikwels ook met ons.

God verhoor die gebed van sy kinders, maar nie omdat hulle sulke goeie kinders is nie of omdat hulle so vurig en aangrypend gebid het nie. Nee, die pleitgrond lê nie in ons nie, maar in God se beloftes, trou, genade, majesteit en eer. Hoe 'n sterk pleitgrond is dit nie? Omdat ons dit weet, word ons nie moedeloos nie, maar volhard ons in die gebed en bid ons elke keer nog inniger. Op sy tyd gee Hy wat vir sy kinders die beste is.

Die onverhoorde gebed

In die vorige hoofstuk het ons gesê dat gebedsverhoring beteken dat God gunstig reageer, gunstig antwoord op die geroep van die bidder. As dit korrek is dan beteken nie-verhoring dat God nie gunstig reageer en nie 'n gunstige antwoord op die geroep van die bidder gee nie. As die volk bid om reën en daar nie uitkoms kom nie, sou dit beteken dat God die gebed nie verhoor het nie. As God nie gee wat die bidder vra nie, dan moet daar beslis goeie rede daarvoor wees, want die Here verseker ons op baie plekke in die Bybel dat Hy 'n Hoorder van die gebed is.

Niemand van ons kan ontken dat daar gebede is waarop ons geen gunstige antwoord van God ontvang het nie. Elkeen van ons weet van onverhoorde gebede. Ons het by die siekbed van pa of ma gestaan, ons het werklik die hart en hande tot God opgehef, ons het ernstig gepleit om 'n wending in die siekte, maar daar het geen verandering gekom nie, inteendeel, die toestand het versleg en uiteindelik het pa of ma gesterf. Ons dink ook aan die oorlogstoestand, waarin ons volk sonder dat dit sy wil is, betrokke is. Dink net aan die getal onskuldige mense wat reeds op die gevegsfront gesneuwel het. Dink ook daaraan hoe baie daar al in ons huise en eredienste gebid is om beëindiging van die vyandelikhede, dat vredesgedagtes van die harte van leiers besit moet neem, en tog het daar niks gebeur nie. Die oorlog duur voort en die getal wat sneuwel word elke dag groter. Dan kom daar vrae in die hart op, vrae soos hierdie: Wat moet ek dink van versekeringe van Jesus soos dié waarvan ons in Matteus 7:7 lees: "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word." Ons dink ook aan Johannes 16:23: "Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee." En dit is nie net die Nuwe Testament wat so praat nie. In die Ou Testament lees ons dit ook. In Psalm 50:15 staan: "... roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp." En daar is vandag baie wat sê: In die benoudheid het ek geroep en God het my nie gehelp nie; ek het gevra en nie ontvang nie; ek het gesoek en nie gekry nie; ek het geklop en geen deur het vir my oopgegaan nie.

Voorwaar, elke mens weet van onverhoorde gebede. Dit is nie net ons eie ervaring wat van onverhoorde gebede getuig nie, maar ons lees ook in die Bybel daarvan. Hoe dikwels lees ons nie die bittere klag in

die Psalmboek nie: "O, my God, ek roep tot u, maar U antwoord my nie. In die môre roep ek tot U ... Here, waarom draai U U rug op ons? Waarom steur U U nie aan ons ellende en smaad nie?" (Vergelyk ook Ps 44:25; 88:15). Meer as een keer het Moses gebid: "Laat my tog oortrek en die mooi land sien wat oorkant die Jordaan lê, daardie goeie bergland en die Libanon!" (Deut 3:25), maar dan antwoord die Here: "Moenie nog verder met my oor hierdie saak spreek nie" (Deut 3:26), en dan lees ons in Deuteronomium 34:4: "Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy sal daarheen nie oortrek nie."

Die Nuwe Testament vertel ook van gevalle van onverhoorde gebede. Ons dink weer aan die geval van Paulus wat dikwels vurig gebid het om die verwydering van die doring uit sy vlees, en tog het hy tot sy dood toe daarmee geworstel. Ons dink ook aan Jesus in Getsemane. Drie keer het hy gebid dat daardie bitter lyding Hom gespaar mag word en tog het die kruis en die lyding gekom, en uiteindelik die smadelike en bittere dood. Baie klaagsange is al aangehef waarop geen lofsang gevolg het nie.

> Onverhoorde gebede ... elkeen van ons kan daarvan vertel.
> Onverhoorde gebede ... die Bybel weet ook van sulke gebede.
> Onverhoorde gebede ... dit is die oorsaak daarvan dat baie harte vol teleurstelling, bitterheid en opstandigheid is.

Maar, as die Bybel nou soveel kragtige versekeringe van gebedsverhoring gee en as God werklik die Hoorder van die gebed is, dan moet daar goeie redes wees as God op party van die gebede nie gunstig reageer nie. Die vraag is: Wat is daardie redes?

Voordat ons oor die redes vir die nie-verhoring praat, wil ek eers aan elkeen wat met die probleem van onverhoorde gebede worstel vra of hy/sy al daaraan gedink het dat daar in die nie-verhoring 'n wonderlike seën opgesluit kan lê. Weet u dat die onverhoorde gebed iets aan ons van onsself en van ons gebed sê? Weet u dat daardie dinge wat die onverhoorde gebed van ons en ons gebed sê, dikwels harde dinge is?

Dit sê:

- Ons gebed was nie goed nie. Dit was nie goed nie omdat die gesteldheid van die hart nie reg was nie of omdat die ware geloof en opregtheid in die hart ontbreek het. Ons bid byvoorbeeld: "Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree", en terwyl ons so bid is ons nie werklik bereid om dié wat teen ons

oortree het, te vergewe nie. Ons vergewe maar ons vergeet nie, en wie só vergewe was nooit bereid om te vergewe nie. 'n Ander persoon bid, maar terwyl hy bid is daar 'n knoop in sy lewe wat hy nie wil losmaak nie. Die derde persoon bid, maar terwyl hy bid is daar 'n boesemsonde waarmee hy nie wil breek nie of wat hy bly vertroetel. Wat sal van ons word as God ons oortredinge vergewe soos wat ons dié vergewe wat teen ons oortree? Wat 'n seën dat God nie dan met ons maak soos ons vra nie! Die onverhoorde gebed dwing ons tot grondige selfondersoek en sê vir ons dat dit nie by ons werklik om God se wil, sy eer en koninkryk gegaan het nie – maar om ons wil en om óns eer.

- Die onverhoorde gebed sê dikwels dat ons gebed nie werklik innig was nie. Toe ons gebid het was dit in die hart koud; daar was nie werklik ontroering nie; ons geroep was nie dringend nie; ons gebed het nie uit die hart gekom soos die gebed van die verlore seun nie. Dit was blote lippetaal en 'n aaneenskakeling van mooi woorde; ons het gebid soos die Fariseër en die skynheilige en teen sulke gebede waarsku Jesus ons met die grootste erns (Matt 6:5). Ons moet onthou dat ons God nie kan bedrieg nie. Hy sien tot op die bodem van ons hart. Wat 'n seën is dit nie dat God dan *nog* nie met ons handel soos ons verdien nie!

- Die volgende persoon se gebed word nie verhoor nie omdat verhoring nie vir hom, vir ander mense of vir die koninkryk van God goed is nie. Net soos ons kinders soms sulke wonderlike, ongewenste en onredelike dinge vra, net so vra ons soms van God ook sulke dinge. Volgens Eksodus 33:18 het Moses eenkeer gebid: "Laat my tog u heerlikheid sien". En God het dit geweier, want wie kan God se heerlikheid sien en lewe? Volgens Eksodus 24:17 is die verskyning van God se heerlikheid soos 'n verterende vuur en die aanskoue daarvan sou Moses se dood beteken het. Ons dink ook aan die versoek van die moeder van die seuns van Sebedeus. Sy het gevra dat haar seuns in die koninkryk van God, een aan Jesus se regterkant en een aan die linkerkant moet sit, maar Jesus het dit geweier en aan haar gesê dat sy nie weet wat sy vra nie.

- Die vierde persoon se gebed word nie verhoor nie omdat dit geen gebed is nie. Dit het gelyk asof hy bid. Hy het op die knieë gestaan; die hande gevou; die oë gesluit en gepraat, maar alles het gedagteloos geskied. By hom was daar geen konsentrasie nie; sy gedagtes

het in alle rigtings rondgedwaal; die snare van sy siel was nie gespanne nie; hy het nie gebid soos 'n mens wat in 'n vallende vliegtuig sit en bid nie. Kortom, hierdie man het nie sy nood geken nie. Hy het werklik 'n karikatuur van die gebed gemaak.

- In 'n vorige hoofstuk het ons reeds gesien dat God soms dinge wat ons vra nie gee nie omdat Hy beter dinge aan ons wil gee. Ons dink hier maar net aan Moses wat gevra het om die aardse Kanaän in te gaan en God het gesê: Nee, nie die aardse Kanaän nie, maar die hemelse Kanaän. So het Paulus gebid om die verwydering van die doring uit sy vlees en God het gesê: Nee, Paulus nie so min nie, maar baie meer! Ek wil my genade aan jou gee.

Daar is baie gebede wat nie verhoor word in die sin dat God nie gee wat ons vra en wanneer ons vra nie. Tog moet dit ons nie moedeloos, verbitterd of opstandig maak nie. Ons moenie die fout by God gaan soek nie, maar by onsself. Ook al bly baie ernstige en innige gebede onverhoord, gaan daar van sulke onverhoorde gebede groot krag op die bidder uit. Wie nie glo dat God met elke gebed reken nie, weet nie wat dit is om te bid nie; hy het nooit werklik gebid nie. Ook by die gebede wat later blyk nie verhoor te wees nie, is God die stille Aanwesige wat die een en al oor is, en een en al oog is en een en al hart (Christus is sy geopende hart). Hy luister aandagtig en noulettend. Waar geen geluid is nie, daar is Hy in die stilte. Waar geen stem meer is nie, is Hy die ongesproke antwoord. Waar geen verhoring is nie, is Hyself die verhoring. O, my God, as ek roep en daar is geen antwoord nie, dáár is U nabyheid meer as elke antwoord, meer as elke onmiddellike verhoring.

Laat ons nooit ophou of traag word om te bid nie.

Amen

Die gelowige bidder staan gereeld in aanbidding voor die aangesig van God en die laaste woord wat in sy gebed voorkom, is die woordjie amen. Nadat hy God verheerlik het; baie dinge van God gevra het, sluit hy sy gebed met die amen af. Die vraag wat nou na vore kom is: Wat wil hy met die woordjie amen sê? Wat beteken dié woordjie? Vir baie is die woordjie niks anders nie as 'n blote vormwoordjie wat aan die end van die gebed kom as teken dat daar nou klaar gebid is. Baie weet nie meer wat die woordjie beteken nie en daarom spreek hulle dit gedagteloos uit. Dit is totaal verkeerd. Die ware bidder wil met hierdie woordjie beslis nie sê dat daar nou klaar gebid is nie. Hy sê dat die siel van die ware bidder hom met hierdie woordjie op die verhoring van die gebed rig en dit is waar. Dit blyk ook duidelik uit die antwoord van vraag 129 van die *Heidelbergse Kategismus* op die vraag: "Wat beteken die woordjie: amen?" "Amen wil sê: Dit sal waar en seker wees. Want my gebed is veel sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel dat ek dit van Hom begeer."

Die woord "amen" is 'n Hebreeuse woord en die woord kom dikwels in die Ou Testament, wat in Hebreeus geskryf is, voor. Elkeen wat die Hebreeus ken, weet ook dat die woordjie 'n groot verskeidenheid van betekenisse het. In Jesaja 22:23 is die woordjie met "vas" vertaal en in 1 Samuel 2:35 is dit met "bestendig" vertaal. In Psalm 101:6 beteken dit "trou", in Genesis 42:20 beteken dit om 'n woord as waar te bewys, in Jeremia 7:9, glo. Ons dink ook aan 1 Kronieke 16:36 waar die hele volk sy instemming met 'n amen betuig en Psalm 89:53 waar die volk die oproep om God tot in die verste toekoms te eer, met 'n dubbele amen bevestig. Daarmee sê die volk dat dít wat in hierdie lied van God gesê is, waar is en dat die gelowige nie met wantroue teen God moet rondloop nie.

Die woordjie amen kom ook verskillende kere in die Griekse Nuwe Testament voor. Ons vind dit in Romeine 1:25; 1 Korintiërs 14:16; Galasiërs 1:5; Openbaring 1:6; 19:4, ensovoorts. Jesus het hierdie woordjie dikwels gebruik om sy hoorders te verseker van die vastheid en betroubaarheid van sy onderwys. As ons die Evangelies lees, tref dit ons dat Jesus sy prediking so dikwels ingelei het met "Ek verseker julle" of met "voorwaar, voorwaar". Die vertalers van die nuutste Afrikaanse Bybelvertaling het die Griekse woordjie wat ons met amen vertaal, deurgaans met "Ek verseker julle" vertaal. Die Bybel leer ook

baie duidelik dat God die Ewige is; dat alles in Hom waar en onwankelbaar vas staan en daarom word God dikwels die God van die waarheid genoem. In Openbaring 3:14 word Jesus die "Amen, die geloofwaardige en ware getuie" genoem. In 2 Korintiërs 1:20 word van die evangelie gesê dat dit 'n woord is waarop die gelowiges "amen" sê en dat al God se beloftes in Jesus Christus "ja en amen" is.

Die woordjie kom dus in die Bybel in verskillende betekenisse voor. Die vraag is egter: Wat beteken amen waar dit in verband met die gebed gebruik word? Wat wil die bidder sê as hy hierdie woordjie aan die end van sy gebed gebruik?

Laat ons die antwoord van die kerk op hierdie vraag gee. Die kerk sê: "Amen wil sê: Dit sal waar en seker wees. Want my gebed is veel sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel dat ek dit van Hom kan begeer." Prof BJ Engelbrecht het in *Geloofsleer en sedeleer vir standerd 10* (p 348) gesê: "Amen in die mond van die bidder is bewys van absolute vertroue in Gods waarheid en getrouheid. Die woordjie beteken *waarlik, dit is so,* dit is waar en werklik. As ons hierdie woordjie gebruik, moet ons onthou dat 'n mens dit in die evangelie slegs uit die Here Jesus se mond verneem. Hy gebruik dit nie minder as 24 keer nie. Dit is sy manier om krag by sy woorde te sit. Dis die stempel van egtheid wat ons volle aandag opeis, ons die versekering gee dat Hy met gesag praat en dat sy woorde absoluut waar en betroubaar is ... Soos 'n mens aan 'n dokument 'n seël vasheg as bewys van egtheid, so is die Amen deel van die gelowige gebed, die stempel van die egtheid van ons vertroue op die onfeilbare beloftes van God wat in Christus ja en amen is. Soos die lofverheffing die kern van ons aanbidding is, so is die Amen eintlik die kroon van ons hele gebed. Daarin tog betuig die bidder sy onwrikbare vertroue op die lewende God wat in Christus onse Vader is.

Amen beteken nie: mag dit so wees nie. Dit is geen wens of bede nie. Dit beteken vastheid en word vertaal met trou of waarheid. Dit word ook met voorwaar vertaal. Watter betekenis die woord ook al het, in die gebed spreek dit altyd van 'n vaste oortuiging. Christus het sy uitsprake dikwels met die woord amen ingelui ... 'Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle' (in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling: 'Ek verseker julle ...') Amen wil sê: Dit is waar en seker, want my gebed is veel sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel dat ek dit van God kan begeer. Die amen is van God se kant 'n vertroosting en van die mens se kant 'n uiting van kinderlike geloof."

Ons kan dus sê dat ons met die woord amen aan die end van ons

gebed *nie* wil sê dat ons nou klaar gebid het nie. Met die woord spreek ons ook nie 'n wens uit nie, dit wil sê ons sê nie daarmee: mag God tog gee wat ons gevra het nie! Ons spreek egter met daardie woord die vaste oortuiging uit, dat God ons gebed reeds verhoor het en dat ons nou net gelowig wag dat die verhoring tasbaar word.

Ons moet ook daarop let dat die bidder met die amen nie die mense aanspreek nie, want hy gebruik die woord ook wanneer hy alleen in sy binnekamer of in die hospitaal bid. Nee, die bidder spreek met die amen vir God aan. Hy sê iets van God aan God. Wat sê hy van God aan God? Ons gaan net 'n paar dinge noem:

- Hy sê aan God dat hy met sy hele hart glo dat God die lewende God is, die God wat kan sien, hoor, praat en aan sy kinders iets kan gee.
- Hy sê dat God die enigste werklike Besitter is, dat alles aan God behoort: al die gesondheid en krag, geld en goed, kos en klere, verstand en wysheid, ja alle dinge behoort aan God en nou vra hy dat God van die baie wat Hy besit 'n bietjie aan hom sal gee.
- Hy sê dat God die Almagtige is, wat net kan spreek en dit staan daar, net kan gebied en dit is daar. God het die son op Elia se gebed laat stil staan: die tronkdeure oopgebreek sodat Petrus, Paulus en Silas kon uitkom en God het dooies opgewek. Wat God toe gedoen het, kan Hy vandag nog doen.
- Hy sê dat God sy vader is. Die liefdevolle Vader wat nie sy rug op sy kinders draai nie en wat aan sy kind nie 'n klip sal gee as hy brood vra of 'n skerpioen as hy 'n eier vra nie.
- Hy sê dat God die Barmhartige is wat altyd vergewe as die mens sy toevlug na Hom toe neem. Selfs die vrou wat op heterdaad met ontug betrap is, die moordenaar aan die kruis en Paulus wat die vervolger van die gemeente was, het vergifnis gevind.

Met die amen sê die bidder ook iets van homself aan God. Hy sê dat hy waarlik in God glo, Hom vertrou, op sy woord neem en hom onvoorwaardelik in die hande van God neerlê. Soos God oor hom dink en besluit, is dit vir hom goed.

Die amen veroordeel ook elke sweem van twyfel, elke vorm van wantroue. Net so min as wat die bidder God wantrou, net so min twyfel hy aan die verhoring van sy gebed. Bid is nie om te probeer nie, dit is nie 'n opsien tot God met 'n hart wat vol wantroue is nie, maar dit is die stellige verwagting dat God op sy tyd en op sy wyse die afgebede

seën sal gee. Bid en twyfel sluit mekaar uit. In die hart van die ware bidder is daar geen plek vir wantroue en twyfel nie.

Die woord amen veroordeel ook elke vorm van gedagteloosheid by die gebed. Die amen in die mond van die ware bidder wil sê dat sy hartsnare tydens die gebed gespanne was; dat hy werklik gekonsentreer het en dat hy met groot erns in die hart gebid het.

Dit is dus duidelik dat alleen daardie mens wat geleer het om amen te sê op die boodskap van verlossing deur die bloed van Jesus Christus, aan die end van sy gebed "amen" kan sê. Slegs die mens wat geleer het om op die troosvolle boodskap: "Al is jou sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al is dit rooi soos purper, dit sal word soos wol"; wat geleer het om op die vriendelike uitnodiging van Jesus: "kom na My toe almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee"; wat geleer het om op die kruiswoord: "Dit is volbring" amen te sê, kan aan die end van sy gebed werklik "amen" sê. Dit is dus net die gelowige bidder wat die woord amen werklik kan gebruik. Tereg het Luther by geleentheid gesê: "As ons aan die slot van die gebed nie hartlik, gelowig amen kan sê nie, het die hele gebed geen nut nie."

Mag dit so wees dat ons die woordjie amen weer in sy oorspronklike betekenis sal gebruik.

Bronnelys

Barger-Thelemann: *De Heidelbergsche Catechismus*. Utrecht, Kemink en Zoon, 1914.

Brunner, Emil: *Ons Geloof*. Vierde druk. Amsterdam, W ten Have, 1948.

De Groot, Joh: *De zegen der onverhoorde gebeden*.

De Vrijer, MJA ea: *Het geloof en zijn moeilikheden*. Vierde druk. Wageningen, Zomer en Keuning.

Engelbrecht, BJ ea: *Geloofsleer en sedeleer vir standerd 10*. Pretoria-Potchefstroom-Kaapstad, Interkerklike Uitgewerstrust.

Gerdener, GBA: *Handboek by die katkisasie*. Dertigste druk. Kaapstad-Pretoria, NG Kerk, 1968.

Gunning, JH: *Blikken in de openbaring*. Rotterdam, Boedees, 1929.

Janson, Murray ea: *Bybelkunde standerd 10*. Pretoria-Potchefstroom-Kaapstad, Interkerklike Uitgewerstrust.

Knap, JJ: *De Heidelbergsche Catechismus*. Groningen, Wolters, 1912.

Sinodale Kommissie van NG Kerk: *Geloofsgenesing*. Kaapstad-Pretoria, NG Kerk.

Straatsma, AK: *Vlucht en toevlucht*. Amsterdam, 1949.

Van Andel, HA: *De eenige troost*. Tweede druk. Franeker, T Wever, 1934.

Van der Walt, SP: *Dwaling en waarheid*. Potchefstroom, Pro Rege, 1961.

Van Niftrik, GC: *Kleine dogmatiek*. Derde druk. Nijkerk, Callenbach.

Veldkamp, H: *Zondagskinderen*. Tweede druk. Franeker, T Wever.